Instagram YouTube Twitter Facebook www.afriforum.co.za

AfriForum

# FORUM

www.forumtydskrif.co.za | Maart 2022

AfriForum Tydskrif

## ONS VEG VIR GEREGTIGHEID



ISSN 2313-1144

R15,95 (BTW ING.)
Gratis aan lede




**Want as dinge skeefloop, soek jy iemand wat omgee om jou probleem sommer gou-gou op te los.** By Virseker is dit presies wat jy kry van mense net soos jy: Blitsvinnige, vriendelike en kundige diens in Afrikaans, om jou lewe weer kalm te maak.

**En ons huiwer nie as dit by uitbetaling van geldige eise kom nie, so kontak ons nou want nou-nou is te laat.**

Skakel ons by **0861 11 28 70**
SMS **'VIRSEKER'** na **43373**
Besoek **virseker.co.za**

virseker
Jou versekering, jou mense, jou taal.

Virseker is 'n produk van Auto & General Versekeringsmaatskappy Beperk, 'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en finansiële diensverskaffer. Bs en Vs aanlyn.

'n Produk van auto & general



# Redakteursbrief

Alet Rademeyer – redakteur @AletRademeyer

Ons leef in ongekende tye in 'n land wat kniediep in die moeilikheid is.

Party mense sal sê dít is eufemisties gestel gegewe die omvang van mislukking, ineenstorting, verval en korrupsie wat byna op elke terrein en in elke sfeer van ons samelewing te sien is en selfs gedy.

As burgerregteorganisasie is ons al te bewus van hierdie werklikheid en dat dit 'n mens lewensat en baie moedeloos kan maak. Maar soos met enigiets in die lewe, besef ons dat ons ook keuses het: Ons kan swyg, hande vou, toekyk en in die neerdrukkende omstandighede ten gronde gaan, of ons kan in geloof elke dag alles in die stryd werp om kop bo water te hou en 'n verskil te maak om uiteindelik by ons ideale en drome vir 'n beter toekoms uit te kom.

AfriForum, ons 300 000 lede, vrywilligers en ondersteuners woeker en veg elke dag op tientalle terreine. Een hiervan is die bevordering van geregtigheid en gelykheid voor die reg.

Dit is 'n enorme bekommernis en uitdaging in 'n land waar ons sien hoe die reg- en strafregstelsel inplof en verval, hoe min gedoen word om oortreders en skuldenaars aan die pen te laat ry en hoe politici die oppergesag van die reg uitdaag en verbete poog om ook dié stelsel te kaap.

Ons hoef maar net te kyk met hoeveel minagting en disrespek individue soos oudpres. Jacob Zuma, Ace Magashule, voormalige sekretaris-generaal van die ANC, die EFF-leier Julius Malema en Busisiwe Mkhwebane, die openbare beskermer, met hofbevele en -uitsprake omgaan.

Ons het te doen met 'n situasie waar die waardegrondslag wat 'n moderne demokrasie veronderstel afwesig is of suiwer geïgnoreer word. Dít is 'n baie, baie gevaarlike situasie en raak ook gewone mense ten diepste. Wanneer ongeregtigheid oral begin kop uitsteek, word dit oral 'n bedreiging vir geregtigheid.

Dit is onder meer waarom AfriForum reeds in 2017 besluit het om sy privaatvervolgingseenheid, onder leiding van adv. Gerrie Nel, op die been te bring. Gewone, wetsgehoorsame landsburgers het al hoe meer bystand en ondersteuning nodig waar hul regte, ook in regsprosesse, toenemend misken of geïgnoreer word. Ons sien en hoor van al hoe meer voorvalle waar daar nie meer regverdige behandeling vir gewone mense is nie, hetsy deur geregsdienaars of in die howe. AfriForum en die privaatvervolgingseenheid word oorval deur mense wat ontnugter is, hul vertroue in die regstelsel verloor het én regshulp benodig. Dit is egter onmoontlik om elke individu te help,

> **Dit is nie elke dag maklik nie, maar elke poging en ingryping is die moeite werd …**

daarom pak ons sake aan wat in belang van die breër gemeenskap is.

In hierdie uitgawe van *Forum Tydskrif* fokus ons spesifiek op verskeie suksesse wat AfriForum die afgelope maande behaal het. Dít ondanks ernstige gebreke in die stelsel waar verhore en sake gereeld om verskeie redes uitgestel of selfs van die rol geskrap word. Of daar waar die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) sy plig klaaglik versaak en nie vervolging instel nie terwyl daar gronde daarvoor is.

Dit is nie elke dag maklik nie, maar elke poging en ingryping is die moeite werd wanneer ons terugvoer kry van mense soos die familielede van Garth Simpson (68), die boer van Dundee in KwaZulu-Natal, wat byna ses maande in die tronk aangehou is voordat borgtog aan hom toegestaan is.

Daar is ook Drieka Botha, weduwee van Dries Botha wat in 2017 in 'n plaasaanval vermoor is. Drieka sê sy sou nie deur die trauma en hofsaak staande kon bly as dit nie vir die AfriForum-traumaeenheid se hulp en ondersteuning was nie.

Du Toit Genis, 'n sielkundestudent, het ook sy dankbaarheid uitgespreek nadat AfriForum se regsverteenwoordigers hom gehelp het om by die Raad vir Gesondheidsberoepe (RGB) te registreer. "AfriForum gee regtig vir mense om en julle gaan uit jul pad om toe te sien dat geregtigheid geskied."

'n Mate van troos en berusting het ook vir Marie Hamman, ma van wyle Lizel Visagie van Middelburg, gekom nadat die man wat haar dogter doodgery het uiteindelik vervolg en tronkstraf opgelê is. Die NVG wou hom aanvanklik nie vervolg nie, maar het ná ingryping deur die privaatvervolgingseenheid van plan verander.

AfriForum se stryd teen haatspraak en die ontkenning van die omvang en trauma wat plaasmoorde tot gevolg het, gaan ook voort met die saak teen Malema en die EFF wat aangehoor is. Uitspraak in die saak behoort binnekort gelewer te word.

AfriForum is ook tans in verskeie hofgedinge betrokke om toe te sien dat plaaslike munisipaliteite gedwing word om dienste aan gemeenskappe te lewer of om inwoners te help om self die dienste oor te neem.

Ons is vasbeslote om aan te hou veg vir geregtigheid en weet dat die Amerikaanse skrywer en filosoof Benjamin Franklin reg was toe hy gesê het: "Geregtigheid sal nie geskied voordat diegene wat onaangeraak is, net so woedend is soos diegene wat wel geraak is nie."

**In Mattheus 25:40 sê Jesus:**

En die Koning sal hulle antwoord: 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.'

# Binnekant

Forum Tydskrif | Maart | Uitgawe 26













**10** Regstelsel

**17** Tronkstraf

**18** Skolewet

**20** Afrikaans

**22** Neil Somers

**26** Plaasmoorde

**30** Hofsaak

**32** AfriForum Teater

**38** Koster

**42** Interkulturele samewerking

**50** Buurtwagte

**56** Koördineerders

AfriForum-lede moet asseblief laat weet of hulle *Forum Tydskrif* aanlyn wil lees of per pos wil ontvang. Adresveranderings of navrae rondom lidmaatskap kan ook gestuur word na **ledesake@afriforum.co.za** of **navrae@forumtydskrif.co.za**.

VERSPREIDING
On the Dot

DRUKWERK
Novus Print

UITGEWER
AfriForum

## DIE SPAN

**Redakteur**
Alet Rademeyer
**Kommunikasiebestuurder**
Marina Wiese
**Joernaliste**
Jhua-Nine Wyrley-Birch
Marthinus Koekemoer
**Subredakteur**
Anton Wilson
**Advertensies**
Denise Viljoen
denise.viljoenx1@outlook.com
**Grafiese kunstenaars**
Thomas Snyman
Simoné Perry
Talia du Plessis
**Rekeninge**
William Waugh
**Medewerkers**
Kallie Kriel
Ernst Roets
Ilze Nieuwoudt
Sue-Ann de Wet
Ernst van Zyl
Henno Nel
Alana Bailey

AfriForum

Forum Tydskrif het die ABC se eienaarlidmaatskapstatus verkry

**AfriForum-hoofkantoor**
H.v. D.F. Malanrylaan & Unionweg,
Kloofsig, Centurion
**Tel:** 086 10 200 30
**Faks:** 012 664 1281
**Web:** www.afriforum.co.za
**E-pos:** navrae@forumtydskrif.co.za


'n AfriForum-produksie in samewerking met inhoudHuis musiek
DIE GELOFTE
'N MUSIEKBLYSPEL
TEKS EN REGIE DEUR JANNES ERASMUS
MUSIEK EN LIRIEKE DEUR JOHAN VORSTER EN JACOMIEN DE VILLIËRS
ORKESTRASIE EN MUSIEKREGIE DEUR FRANCOIS LESSING
'n Ware verhaal tot die eer van sy Naam
– 'n wonderwerk bevestig
6 tot 29 Mei 2022
by AfriForum Teater
Bespreek nou by www.diegelofte.co.za.
MET JOHAN VORSTER | BERNICE WEST | NADIA BEUKES
ILLÁN VAN STADEN | JACKIE LULU | DIHAN KEUN | JACOMIEN DE VILLIËRS | JORDAN HUMAN | EDDIE DE JAGER | FANO BLIGNAUT | RÉVAN LUÜS | DEIDRÉ BARNARD | SIMONÉ SCHERER
ANIKA DE BEER | ZORICKE SNYMAN | JJ ROBERTS | ZIJN-RUDOLPH VAN ZYL | CARL TRAUTMAN | RICO IMMELMAN | RAPHAEL VORSTER | ABIGAIL DE VILLIERS | MIEKE NEL

## Wat sê Forum-lesers

*Forum*-lesers is baie welkom om aan die gesprek deel te neem en kort briewe aan ons te skryf. Kommentaar op sowel die inhoud as artikels word verwelkom. Stuur ook gerus voorstelle oor hoe ons die inhoud kan verbeter of onderwerpe waaroor julle eerder sal wil lees. Stuur 'n e-pos na **navrae@forumtydskrif.co.za**. – **Redakteur**

### W.E. VAN NIEKERK

Baie dankie vir *Forum Tydskrif*. Dit is altyd lekker om te lees. Ons verkies steeds om dit in tydskrifvorm te ontvang en nie via die internet nie.

### HELENA ELOFF

Ons geniet *Forum Tydskrif* baie en lees dit elke keer van hoek tot kant!



**Ons doen graag 'n beroep op lede wie se tydskrifte afgelewer word om asseblief 'n houer of posbus by die hek of ingang aan te bring waarin verspreiders die tydskrif kan plaas. Ons kry gereeld klagtes oor vernielde of nat tydskrifte.**

### ANONIEM

Goeiedag, redaksie! Ons geniet jul woordblok en die invul daarvan baie. Met soveel woorde, en langes daarby, verskoon ons die woord "monumante" as monumente. Dit maak dit egter nie minder aantreklik om die woordblok in te vul nie. (Ons vra opreg verskoning vir die deurglip van hierdie foutjie en hoop dat jy die woordblok in hierdie uitgawe net so baie sal geniet. – Redakteur)

### Ai, die drukkersduiwel!

*Forum Tydskrif* het verskeie navrae van lesers ontvang wat met André Eloff, skrywer van die boek *Finansiële gemoedsrus*, in verbinding wou tree. Die drukkersduiwel het egter ingesluip en die verkeerde telefoonnommer is verskaf. Die korrekte nommer is 082 446 8078. Navrae kan ook gestuur word na andre.eloff@hotmail.com.
– Redakteur

### THELMA ERASMUS

Ek verkies om 'n gedrukte *Forum* te ontvang, aangesien ek dit ook weer vir vriende kan aangee nadat ek dit gelees het. My versoek is egter dat die formaat van die tydskrif na 'n A5-grootte moet verklein sodat berging en bewaring daarvan makliker sal wees. Ek behou graag hierdie tydskrif vir geskiedkundige waarde. Om A4-tydskrifte te bewaar en te sirkuleer is baie moeiliker as 'n A5-boekie. Ek voel ook dat 'n boekie meer gewig dra as 'n tydskrif. Ek vertrou dat u my versoek met die nodige nadenke sal oorweeg.

## DIRK LAUFS (12 Februarie 1947–22 November 2021)

Deur Alana Bailey

AfriForum het met groot hartseer verneem dat ds. Dirk Laufs, een van ons direksielede, op 22 November 2021 oorlede is. Hy het 'n sleutelrol gespeel in die totstandkoming van AfriForum en vir 15 jaar getrou en entoesiasties sy rol as direksielid vervul.

"Ons is dankbaar dat iemand van sy statuur diep spore getrap het om ons strewes en ideale te help verwesenlik. Ons gaan hom mis," het Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, gesê.

Ds. Laufs is op 12 Februarie 1947 gebore en het aan die Laerskool De Beer op Welverdiend en Hoërskool Carletonville skoolgegaan. Hy was ook die hoofseun van laasgenoemde. Daarna het hy 'n BA-, ThB- en ThM-graad aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) (soos dit toe bekendgestaan het) behaal. Ook hier het hy as sterk leier na vore getree en in 1966 en 1967 op die studenteraad gedien, asook as koshuisprimarius in 1968.

Op 25 Januarie 1969 is hy met Petronella Jacoba (Ronél) Coetzee getroud. Hulle is geseën met drie kinders, naamlik Ronél, Gerhard en Mari. Tannie Ronél was tot en met haar dood in 2021 'n gereelde en geliefde besoeker aan AfriForum.



Ds. Dirk Laufs

Ds. Laufs se gemeentebediening het in 1972 begin en gestrek van die gemeente Bethulie tot Die Moot (nou Hartbeespoort), Voortrekkerhoogte, Olifantshoek, Durban-Wes en Alberton-Wes. Hy het 15 jaar lank by laasgenoemde gewerk tot sy emeritaat in 2004.

Sy lewensfilosofie was *Soli Deo gloria* – aan God alleen die eer – en as mens met 'n opregte liefde vir sy medemens het hy by vele gemeenskapsprojekte betrokke geraak. So het hy byvoorbeeld vanaf 1983 by die Maatskappy vir Immigrasie betrokke geraak. Onder sy voorsitterskap het dié instelling in 2005 ontbind om deel van die nuutgestigte AfriForum te word.

Hy sal onthou word vir sy wysheid, nederigheid en rustige beredenering van besluite, asook sy immer teenwoordige humorsin en die impromptu gediggies waarmee hy kon skerts. Sy diep stem is stil, maar sy nalatenskap bly 'n seën vir almal wat hom geken het.

Shammah
CONFERENCE VENUE



# SLEGS GROEPBESPREKINGS

GEEN DAG BESOEKERS NIE









### WILDLEWE

**2000** hektaar - Geniet die natuurlewe, **asemrowende** landskappe en aktiwiteite

### JAG

Ons het meer as **1000** wildsbokke op die plaas

### AKKOMMODASIE

**Luukse** akkommodasie in die hartjie van die natuur

### KERKGROEPE

Kom **bymekaar** vir lof & aanbidding

**GIDEON:** +27 83 647 4788 | **NICK:** +27 83 212 4590
**EPOS:** bookings@shammahgamelodge.co.za
**WEBWERF:** www.shammahgamelodge.co.za



# Veg vir geregtigheid en bou gemeenskap-selfstandigheid

Kallie Kriel – uitvoerende hoof van AfriForum

Vir slegte mense om hulle doelwitte te bereik is niks meer nodig nie as dat goeie mense bloot toekyk en niks daaraan doen nie.

Hiérdie stelling is 'n opgesomde vrye vertaling van die woorde van John Stuart Mill tydens sy inhuldigingstoespraak by die Universiteit van St. Andrews in 1867.

Hoewel bogenoemde stelling soms aan Edmund Burke toegeskryf word en dalk al in 'n cliché verander het, verander dit geensins aan die krag van die waarheid wat hierdie stelling onderlê nie.

As 'n mens nie geweet het wat die oorsprong van Mill se stelling was nie, sou 'n mens net so wel kon dink dat iemand die stelling in 2022 gemaak het rakende die huidige situasie in Suid-Afrika. Die Zondo-kommissie se onlangse verslae bevestig net weer wat ons lankal weet, naamlik dat onreg en korrupsie pandemiese afmetings in die land aangeneem het. Wat dit erger maak, is dat bitter min indien enige van die booswigte wat die land leeg steel, al aan die pen gery het.

Uit die letterlik honderde misdaadslagoffers wat adv. Gerrie Nel en sy span by AfriForum se privaatvervolgingseenheid om hulp nader omdat die oortreders nie vervolg word nie, is dit duidelik dat die land se strafregstelsel ons in die steek laat. Die voortslepende plaasmoordkrisis, diefstal én geweldmisdaad in ons dorpe en stede dien as nóg 'n voorbeeld dat booswigte voel hulle is onaantasbaar en dat onreg gevolglik hoogty kan vier.

> **AfriForum is nou gerat om privaat vervolging in te stel. Ons is in staat gestel om druk op die NVG te plaas met die werklikheid dat as hulle nie vervolg nie, ons dit self sal doen.**

## VEG VIR GEREGTIGHEID

In pas met Mill se stelling kan en sal ons wat in geregtigheid glo nie net staan en toekyk terwyl die onreg plaasvind nie.

Juis om hierdie rede is een van AfriForum se vyf fokusareas om vir geregtigheid te veg. Die feit dat AfriForum nou oor die steun van 300 000 lede, hulle gesinne en talle ander ondersteuners beskik wat AfriForum se hand versterk, maak dit moontlik dat ons almal nou saam met nóg groter krag as in die verlede vir geregtigheid op vele terreine kan veg. Die tema van hierdie uitgawe van *Forum Tydskrif* fokus juis op geregtigheid en lig verskeie terreine uit waarop AfriForum met al meer sukses vir geregtigheid veg.

Wat die strafregstelsel betref is adv. Nel en sy span besig om talle suksesse te behaal. Waar die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) in die verlede talle sake nie vervolg het nie sonder dat 'n haan daarna gekraai het, het die blote feit dat AfriForum nou gerat is om privaat vervolging in te stel ons in staat gestel om druk op die NVG te plaas met die werklikheid dat as hulle nie vervolg nie, ons dit self sal doen. Dit het tot gevolg dat die NVG in talle gevalle 'n ommekeer gemaak het om wel te vervolg en talle booswigte as gevolg hiervan aan die pen gery het.

Ook wat die onreg teenoor Afrikaans, ons erfenis, haatspraak teenoor minderhede en talle ander terreine betref, het AfriForum reeds met sukses in die howe geveg. Ander metodes soos die mobilisering van internasionale druk en die voer van plaaslike veldtogte begin ook vrugte afwerp. Die feit dat onregte soos onteiening sonder vergoeding op vele terreine beveg is, het saam met ander rolspelers se aksies meegewerk om hierdie onreg tot dusver af te weer. Uiteraard sal AfriForum waaksaam bly om voort te veg sou hierdie onreg weer sy kop uitsteek.

### BOU GEMEENSKAPSELFSTANDIGHEID EN FEDERALISME

Om slegs teen onreg te veg, bied nie volhoubare oplossings nie. Die ANC se sentralistiese beheer oor byna elke terrein in die samelewing het dit vir hulle makliker gemaak om of self onreg te pleeg of selfs weens onbeholpenheid en kaderontplooiing toe te laat dat onreg tot op plaaslike vlak in ons woonbuurte plaasvind. Die enigste teenvoeter vir 'n mislukte sentralistiese staat is federalisme. AfriForum is in sy diepste wese 'n instelling wat federalisme as oplossing sien.

Anders as wat baie dink is federalisme nie bloot 'n staatkundige konsep wat deur die sentrale regering afgekondig moet word nie. Federalisme word in wese van grondvlak af opgebou vanuit gemeenskappe. Daarvoor het ons nie die ANC se toestemming nodig nie. Ons kan eenvoudig begin deur federale werklikhede te skep.

In die lig van bogenoemde het AfriForum die afgelope jare sy ontstaansdoel – om as burgerregteorganisasie teen onreg te veg – aansienlik uitgebrei om nou ook die grootste deel van ons aandag te skenk aan die skep van selfdoen-instellings en -oplossings waardeur ons ruimtes skep waar ons op 'n federale grondslag self beheer van ons toekoms kan neem. Ter wille van ons kinders kan ons nie terugsit en ons toekoms in die hande van die ANC laat nie.

> **"Die enigste teenvoeter vir 'n mislukte sentralistiese staat is federalisme.**

### ANKERGEMEENSKAPPE

AfriForum se netwerk van 160 takke en 164 buurtwagte het reeds op groot skaal begin om gemeenskapselfstandigheid in ons gemeenskappe te vestig. Terwyl ons sal aanhou veg teen Bheki Cele en die staat se mislukking om hulle basiese plig na te kom om landsburgers se veiligheid te verseker, is dit nóg belangriker dat ons ons pogings moet versnel om in gemeenskappe binne die raamwerk van die wet met buurtwagte ons eie veiligheid te verseker.

AfriForum-takke se selfdoenaksies maak ook 'n groot verskil. Dit wissel van onder meer die herstel van paaie, opruimingsprojekte, vullisverwydering, herwinning en selfs die monitering van waterkwaliteit. Pionier, AfriForum se diensleweringsmaatskappy, het maande lank met groot sukses Koster se waterwerke bestuur voordat die plaaslike owerheid weer beheer geneem en waterprobleme weer kop uitgesteek het. AfriForum verskerp sy strategie en bou sy vermoë uit om munisipale dienste te kan lewer sou dit uiteindelik weens 'n mislukte staat in die toekoms onafwendbaar raak dat hierdie vermoëns aangewend moet word.



Adv. Gerrie Nel en Kallie Kriel.

Die vestiging van gemeenskapsforums as platform waar verskillende rolspelers in ons gemeenskappe op 'n gelyke voet kan meewerk om sterk selfstandige gemeenskappe (ankergemeenskappe) te vestig, is noodsaaklik. In hierdie verband het 'n proses reeds begin vir 'n toetsprojek in 'n gemeenskap in Centurion. Wanneer die model verfyn is, sal dit in die res van Pretoria gekloon word, waarna dit na ankergemeenskappe in die res van die land uitgebrei sal word. Uiteindelik moet ons oor 'n netwerk van ankergemeenskappe beskik, wat sal strek vanaf Nelspruit, Pretoria, Bloemfontein en Orania tot in streke in die Kaap. Hierdie gemeenskappe kan as ankers dien vir ons lede in klein vervallende dorpe deur te verseker dat daar byvoorbeeld aftreeoorde en skole is wat volhoubaar in groter streekdorpe kan bestaan wat ook aan hulle en hulle kinders opsies bied.

Die demografiese werklikhede van elke gemeenskap speel 'n bepalende rol rakende die vlak van selfstandigheid wat elke ankergemeenskap kan bereik. Waar ons gemeenskap in groter getalle gekonsentreer is, sal meer selfstandige gemeenskapsinstellings volhoubaar kan bestaan.

### SELFSTANDIGE GEMEENSKAPSINSTELLING

AfriForum se planne staan nie in isolasie nie en vorm deel van die breër Solidariteit Beweging se federale plan om gemeenskapselfstandigheid te vestig. Daarom is ons dankbaar vir die reusewerk wat ons susterorganisasies, wat saam met ons deel van die Beweging is, doen. Selfstandigheid word reeds op verskeie terreine bevorder, waaronder Sol-Tech en Akademia op tersiêre onderwysvlak, die Skoleondersteuningsentrum (SOS) op skolevlak, Solidariteit Helpende Hand op maatskaplike terrein, Solidariteit in beroepsgildes, die FAK op kultuurterrein en Solidariteit Finansiële Dienste (SFD) rakende finansiële dienste.

Die suksesse wat reeds behaal is, wys ons planne is werkbaar. In nederigheid besef ons egter dat daar nog baie gedoen moet word, maar ons sien met genade van Bo as span van 300 000 AfriForum-lede daarna uit om saam met die res van die Beweging ons roeping uit te leef om 'n toekoms te skep waar ons blywend vry, veilig en voorspoedig kan voortbestaan hier aan die suidpunt van Afrika. Daar is beslis hoop!

# Dís waarom regstelsel in duie stort

*Die land se regstelsel staan al hoe meer op baie wankelrige bene. Mense staan toenemend geskok oor uitsprake, regsprosesse en selfs wat binne die land se howe afspeel. Dit blyk al hoe meer of daar nie meer respek vir of vertroue in die stelsel is nie. Jhua-Nine Wyrley-Birch het 'n paar vrae aan adv. Gerrie Nel, hoof van AfriForum se privaatvervolgingseenheid, gestel.*

## WAAROM IS DAAR SO BAIE VERTRAGINGS TYDENS HOFSAKE EN WAAROM WORD SAKE SO GEREELD UITGESTEL?

Onnodige vertragings in strafsake vind net plaas as die regbank traag of onwillig is om die reg toe te pas, of nie toegewyd is om toe te sien dat geregtigheid geskied nie. Ons sien meer en meer gevalle waar die hof nie sterk genoeg is om die duidelike vertragingstegnieke van die verdediging hok te slaan nie. Die fundamentele regte van die beskuldigde word meestal as rede vir uitstelle aangevoer. Hoewel ons erken dat 'n beskuldigde 'n reg tot regsverteenwoordiging het, asook die reg het om sy saak na behore voor te berei, sien ons dikwels in landdroste se uitsprake dat die belange van misdaadslagoffers en die gemeenskap vervaag ten einde beskuldigdes se regte te beskerm. Tydens die COVID-19-pandemie het diegene wat 'n rede vir uitstel soek 'n uitstekende vennoot gekry. Myns insiens is dit net beskuldigdes wat by uitstelle baat. Dit is eenvoudig; as daar 'n sterk saak teen 'n beskuldigde is en/of indien hy weet dat hy skuldig is, is die uitstel van die onvermydelike 'n goeie opsie. Die howe het ook beskuldigdes se reg tot regsverteenwoordiging tot 'n absolute reg verhef. In beginsel kan hierdie reg egter nie misbruik word om geregtigheid te ontwyk nie.

## WAT IS DIE IMPAK VAN UITSTELLE?

Die koste daaraan verbonde is enorm – en nie net finansieel nie. Die koste sluit nie net vervoer en verblyf in nie, maar ure se voorbereiding, asook die emosionele trauma om voor te berei, waarna die saak bloot uitgestel word en hierdie werk weer herhaal moet word. My ervaring is dat aanklaers wat toegewyd en voorbereid is nou al vuisvoos is vir die howe wat toegee aan alle versoeke van die verdediging.



## WATTER FAKTORE SPEEL 'N ROL BY UITSTELLE?

Daar is verskeie, waaronder die volgende:

- **Die verdediging wat nie gereed is om met die verhoor voort te gaan nie.**
- **'n Dossier en getuies wat nie by die hof is nie.**
- **'n Aanklaer wat nie gereed is om met 'n verhoor voort te gaan nie.**
- **'n Beskuldigde wat besluit om van regspan te verander.**
- **'n Beskuldigde se regspan wat aan die saak onttrek.**
- **Hoftoerusting wat nie werk nie.**
- **Hofpersoneel wat siek is.**

Daar is ook 'n toenemende tendens te bespeur dat aanklaers weens hul onbevoegdheid eerder sal probeer om sake te vermy. Hiermee saam is daar die geneigdheid by die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) om eerder sake nié te vervolg nie, veral in meer ingewikkelde sake en veral dié teen invloedryke of polities verskanste individue. My afleiding is dat dit 'n poging is om te kyk of die saak nie sal verdwyn nie. Dit gebeur ongelukkig ook dat heelwat klaers net moed opgee. Sodra die NVG op hulle irrasionele beslissing gewys word, stel hulle vervolging in – maar daar is baie sake wat nie weer op die rol geplaas word nie.

## HOE KAN HIERDIE PROBLEME UITGESKAKEL WORD?

Vertragingstegnieke het ten doel om die getuies belangstelling te laat verloor of die koste van 'n vervolging vir die getuies ondraaglik te maak. Die belangrikste teenvoeter is om dit duidelik te maak dat die saak nie sal weggaan nie. Howe moet sterk genoeg wees om die vermydingstegniek gekoppel aan die reg tot regsverteenwoordiging te erken en bevele te maak wat tot voordeel van die gemeenskap en slagoffers is. Laasgenoemde het 'n reg dat strafsake spoedig afgehandel moet word. Druk moet op die NVG geplaas word om hulle op hul irrasionele beslissings te wys. Die probleem moet ook gepak word waar ervare aanklaers in die NVG gebruik word om eerder bestuursfunksies te vervul. Ervare aanklaers moet weer aankla. Die krisis wat deur die Zondo-kommissie en die ondersoek van die Spesiale Ondersoekeenheid (SIU) veroorsaak is moet deur kundige en ervare senior aanklaers aangepak word. Al het die strafregstelsel verval, kan ons deur druk en privaat vervolging ons deel tot die herstel daarvan doen.

Dit is net die regbank, gesteun deur besware en argumente van die vervolgers, wat die tendens van onnodige uitstelle en die publiek se verlies aan vertroue in die regstelsel kan temper.



Adv. Gerrie Nel

FOTO: ROZIER VAN TONDER.



# Skuldigbevinding vir ouers wat baba wreed mishandel

Deur Marthinus Koekemoer

Die ouers van 'n vyf maande oue baba wat in Julie 2020 in die Life Eugène Marais-hospitaal in Pretoria vir veelvuldige beserings behandel is, is op aanklagte van aanranding met die opset om ernstig te beseer en kinderverwaarlosing skuldig bevind.

Die baba is sedert die ouderdom van vyf weke vir die tydperk tussen Maart en Julie 2020 wreed mishandel.

Haar ouers is in Augustus 2020 in hegtenis geneem nadat AfriForum se privaatvervolgingseenheid in Julie 2020 dokters en 'n maatskaplike werker bygestaan het om strafregtelike klagtes in te dien. 'n Klagte is reeds in April 2020 by sowel die SAPD as die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling aanhangig gemaak en daar is aanbeveel dat die baba uit die sorg van haar ouers verwyder word. Die baba is tydelik in haar ouma se sorg geplaas, maar is terug na haar ouers nadat die landdros die saak van die rol geskrap het. Die rede wat daarvoor aangevoer is, is dat daar 'n gebrek aan bewyse was.

Dr. Helene Basson, wie die baba in 2020 behandel het, het verlede jaar getuig hoe verskeie van die baba se bene, waaronder haar sleutelbeen, femur en verskeie ribbes, gebreek was. Haar ribbes alleen het sowat 27 breuke gehad. Volgens Basson is die frakture aanduidend van herhaalde episodes van fisiese aksies, soos om 'n baba met albei hande rondom die lyf vas te hou en te skud.

Die baba is op 1 Julie 2020 in 'n kritieke toestand in die hospitaal opgeneem. Sy het aan longontsteking, skok en dehidrasie gely. 'n MRB-skandering het verdere beserings aan haar kop en nek getoon. Verdere toetse het ook getoon dat haar sleutelbeen twee tot drie weke voor haar opname reeds gebreek was. Dokters het getuig dat dit nie maklik is om 'n baba se sleutelbeen te breek nie, wat 'n aanduiding is van die graad van mishandeling wat in hierdie geval ter sprake was. Al die dokters wat haar ondersoek het, was dit eens dat die baba waarskynlik aan kroniese mishandeling blootgestel was en aan haar beserings sou kon beswyk as sy nie mediese behandeling ontvang het nie.

Adv. Phyllis Vorster, aanklaer by die privaatvervolgingseenheid, sê geregtigheid het uiteindelik geskied. "Hierdie uitspraak was 'n oorwinning vir hierdie kind. Ons moenie vergeet dat die dokters wat die kind behandel het die werklike helde in hierdie saak is nie. Die privaatvervolgingseenheid moes by hierdie saak betrokke raak om te verseker dat die ouers verantwoordbaar gehou word vir hul dade en ons verwelkom die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) se suksesvolle vervolging van die beskuldigdes. Dit is suksesvolle vervolgings soos hierdie wat weer eens bevestig dat die druk wat die privaatvervolgingseenheid uitoefen, verseker dat sake waarin daar prima facie-bewyse is, voor die hof kom."

Die ouers word in Julie 2022 gevonnis.


> **Ons moenie vergeet dat die dokters wat die kind behandel het die werklike helde in hierdie saak is nie.**



**Advv. Gerrie Nel** en **Phyllis Vorster** van AfriForum se privaatvervolgingseenheid.

# Man tronk toe wat baba met droë ys brand

Deur Alet Rademeyer



**Adv. Gerrie Nel** van AfriForum se privaatvervolgingseenheid praat met **Michelle de Beer** buite die hof in Brits.

'n Man is effektief agt jaar tronk toe gestuur nadat hy sy voormalige vriendin se ses weke oue baba in Oktober 2020 onder meer met droë ys gebrand en met 'n roerspaan aangerand het.

Regter Papi Mosopa het 'n minimum vonnis van tien jaar, waarvan twee jaar opgeskort is vir 'n termyn van vyf jaar, in Februarie aan Gerhard Viljoen van Brits in die Noord-Gautengse Hooggeregshof in Pretoria opgelê. Die biologiese ma van die slagoffer is nog nie aangekla nie omdat sy tans steeds minderjarig is. Klagtes teen haar word wel oorweeg nadat sy glo aan 'n kleuterskoolonderwyseres erken het dat die baba in 'n vrieskas geplaas is as hy te veel gehuil het.

AfriForum se privaatvervolgingseenheid het ingevolge 'n waaksaamheidsopdrag tot die saak toegetree. Die eenheid het in Julie 2021 sy betrokkenheid by dié saak aangekondig, asook by drie ander sake van kindermishandeling. Die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) het aanvanklik, ten spyte van oorweldigende bewyse, die klagtes teen die beskuldigde in die Landdroshof in Brits teruggetrek. Nadat die privaatvervolgingseenheid vertoë aan die Direkteur van Openbare Vervolging (DOV) in Gauteng gerig en aangedui het dat hulle Viljoen privaat wil vervolg, het die DOV egter besluit om wel vervolging in te stel en die saak na die Hooggeregshof oor te plaas.

Viljoen het skuldig gepleit en 'n pleitooreenkoms met die staat gesluit. Die J88-verslag van die baba het 'n lys van 12 beserings bevat. Hy het onder meer erken dat hy die baba gebrand het deur hom teen die droë ys in sy vrieskas te druk. Hy het die baba herhaaldelik met die oop hand en 'n roerspaan oor sy hele lyf geslaan en op 'n ander geleentheid het hy hom met 'n vuis geslaan toe hy die baba se ma wou slaan terwyl sy oor haar baba gekniel het.

"Die privaatvervolgingseenheid verwelkom die uitspraak aangesien sake van geweld teen vroue en kinders geprioritiseer behoort te word. Ons wil ook die aanklaer gelukwens met die suksesvolle vervolging, maar bly bekommerd oor die toestand van vervolgings in die Landdroshof in Brits, waar hierdie saak aanvanklik van die rol geskrap is," sê Natasha Venter, adviseur by AfriForum se privaatvervolgingseenheid.

## Nóg 'n Brits-saak

Die ander kindermishandelingsaak in Brits, waar 'n sesjarige dogtertjie die slagoffer is, sloer ook sedert 2018. In dié saak is die kind glo deur haar ouma as 'n kommoditeit gebruik. Sy het toegelaat dat sy teen betaling verkrag word. In getuienis voor die hof is gehoor hoe die oortreders 'n skottelgoedsponsie in haar mond gedruk het tydens die verkragtings en seksuele molestering om te keer dat sy enige geraas maak. Twee van die oortreders is aangekla nadat die eenheid op 29 Junie 2021 by die saak betrokke geraak het. Twee ander verdagtes wat deur die dogtertjie geïdentifiseer is, is nog nie gearresteer nie. Die NVG het ook versuim om die ouma aan te kla. Die saak het op 27 September 2021 die eerste keer in die hof verskyn, maar is al verskeie kere uitgestel, waaronder omdat die aanklaer nie die nodige tyd vir konsultasie met getuies gehad het nie, die saak na Pretoria oorgeplaas sou word, die beskuldigdes se regsverteenwoordiger COVID onder lede gehad het en die aanklaer vervang is. Die saak sou met ter perse gaan in Maart hervat het.



Kymie du Toit

# Privaatvervolgingseenheid bly veg vir geregtigheid vir dié slagoffers

*AfriForum se privaatvervolgingseenheid is by etlike uiteenlopende sake betrokke om geregtigheid vir slagoffers te soek en toe te sien dat regsprosesse na behore gevolg word. Van hierdie sake sloer of vorder om verskeie redes stadig. Alet Rademeyer berig.*

## KYMIE DU TOIT

Die beamptes van die Tshwane-metropolisie (TMPD) wat Kymie du Toit laatnag in Desember 2019 in Pretoria afgetrek het, gaan vervolg word op klagtes van aanranding. Dít volg nadat die privaatvervolgingseenheid in 2020 aangekondig het dat Du Toit bygestaan gaan word met die strafregtelike klagtes wat sy teen die betrokke beamptes aanhangig gemaak het. Beeldmateriaal van die voorval het opslae gemaak omdat instellings soos die metropolisie en die SAPD bestaan met die doel om die burgery te beskerm, maar dit blyk egter dat sommige beamptes die teenoorgestelde doen.

**Dilemma:** Beamptes wat die wet moet toepas misbruik skynbaar hul mag. Weerlose lede van die publiek word geteiken, onregmatig gearresteer of selfs gedwing om afkoopgeld te betaal om vry te kom.

## ISABEL VAN COLLER

Die vermeende moordenaar van Isabel van Coller gaan uiteindelik vervolg word ná ingryping deur die privaatvervolgingseenheid. Sy is op 15 November 2019 tydens 'n kaping in Bramley, Johannesburg doodgeskiet. Verdagtes is kort daarna met haar selfoon in hul besit gearresteer. Goliath Bizza Mpho (36) word aangekla van moord, roof met verswarende omstandighede en die onwettige besit van 'n vuurwapen en ammunisie. Die Direkteur van Openbare Vervolging (DOV) sê egter nog heelwat ondersoekwerk moet gedoen word. Die NVG wou aanvanklik nie vervolg nie weens 'n "gebrek aan bewyse". Familielede van Van Coller het AfriForum genader nadat hulle in die duister gehou is oor vordering in die saak en die dossier ook in 'n stadium vermis geraak het.


Isabel van Coller

**Dilemma:** Die saak is aanvanklik onttrek sonder dat enige konsultasie met die slagoffer se naasbestaandes gedoen is. Die lakse optrede van die aanklaer sou daartoe gelei het dat niemand ooit vir die dood van Van Coller vervolg sou word nie.

## LIFE ESIDIMENI

Die privaatvervolgingseenheid en Solidariteit Helpende Hand staan van die families van slagoffers van dié tragedie by en wil toesien dat daar vir hulle geregtigheid kom ná die onmenslike dood wat hul geliefdes gesterf het. Ná byna ses jaar is daar nog geen stappe nie. In die geregtelike doodsondersoek (GDO) moet vasgestel word of iemand aanspreeklik gehou kan word vir die dood van 144 psigiatriese en verstandelik gestremde pasiënte wat in 2016 gesterf het nadat die Gautengse


**Celeste Gouws** saam met ondersteuners buite die hof in Somerset-Oos.

Departement van Gesondheid hulle van Life Esidimeni-geriewe na nieregeringsorganisasies oorgeplaas het waar die omstandighede en behandeling haglik was.

## CELESTE GOUWS

Dié slagoffer het reeds in September 2017 'n klag van verkragting teen Isaac Andile Memese ingedien. Die privaatvervolgingseenheid verteenwoordig Gouws in hierdie saak. Memese se eerste verskyning in die Streekhof in Somerset-Oos was op 23 Februarie 2021, waarna dit uitgestel is tot 23 tot 26 Maart 2021 vir verhoor. Op 23 Maart is die saak uitgestel toe die beskuldigde sy regspan afgedank het. Hy wou adv. Dali Mpofu se dienste bekom. Op 14 Julie 2021 het die eerste getuies, insluitend Gouws en haar buurvrou, begin getuig. Die saak is na 25 Januarie 2022 uitgestel. Die beskuldigde het nie by die hof opgedaag nie en 'n siekbrief is ingedien. Op 23 Februarie is nóg getuies geroep. Die eenheid het toe ook sy saak afgesluit, waarna die beskuldigde se regspan aangedui het dat hulle 'n aansoek om ontslag ingevolge artikel 174 van die Strafproseswet gaan bring. Dié aansoek sal van 26 tot 28 Julie geargumenteer word.

**Dilemma:** Daar is van elke moontlike vertragingstaktiek gebruik gemaak om die saak so lank as moontlik uit te rek, terwyl die slagoffer herhaaldelik deur die gebeure getraumatiseer is.

## MAVERICK LINKS

Die privaatvervolgingseenheid is onlangs gelyk gegee in Upington se Landdroshof in die GDO na Maverick Links. Die landdros het bevind iemand kan wel aanspreeklik vir sy dood gehou word. Dít volg nadat die NVG sy plig versuim het om vervolging in te stel, wat tot hierdie GDO gelei het. Links (14) is klaarblyklik in Julie 2017 deur 'n tienjarige vriend met dié vriend se pa se dienspistool doodgeskiet. Die NVG het geweier om die minderjarige en/of sy pa te vervolg.

**Dilemma:** Daar is konstante afstanddoening by die NVG met betrekking tot hul grondwetlike plig om te vervolg deur eerder GDO's in te stel. Dit is 'n misbruik van die proses en 'n miskenning van misdaadslagoffers se regte.


Nicky Botes

## NICKY BOTES

Dennis Hearn is aangekla van die moord op Nicky Botes nadat hy na bewering in Junie verlede jaar die oorledene tydens 'n padwoede-voorval in Klerksdorp in die kop geskiet het. Dít volg nadat Botes se pa die privaatvervolgingseenheid genader het omdat dit geblyk het daar geen vordering met die saak was nie en die SAPD geen noemenswaardige terugvoer aan hom verskaf het nie. Hearn is nie gearresteer totdat die eenheid betrokke geraak het nie. Ondersoekers van die eenheid het die saak onder die aandag van die senior aanklaer van die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) in Klerksdorp gebring, wat die dossier van die SAPD aangevra het. Hy het daarna opdrag gegee dat Hearn vervolg moes word. Hearn het op 8 Desember 2021 vir die eerste keer in die hof in Klerksdorp verskyn en die verhoor sal na verwagting vanjaar begin.

**Dilemma:** Die vermeende skieter is aanvanklik nie deur die SAPD gearresteer nie. Die slagoffer se familie het nie terugvoer van die SAPD oor die saak gekry nie.

## NINO OPPEL

Die privaatvervolgingseenheid het die DOV genader nadat die NVG versuim het om die bestuurder wat Nino Oppel in Februarie 2018 vermoedelik doodgery het, te vervolg. Oppel was 'n deelnemer aan die bekende Berge en Dale-fietswedren in Muldersdrif, Gauteng toe die verdagte hom klaarblyklik met sy voertuig getref en weggejaag het. Die DOV het in Augustus 2020 aangedui dat daar wel 'n prima facie-saak teen die man is en dat hy vervolg moet word. Desondanks het aanklaers in Krugersdorp tot op hede steeds geen vervolging ingestel nie.


Nino Oppel

**Dilemma:** Die NVG stel nie vervolging in nie al is daar 'n prima facie-saak teen die beskuldigde. Dit blyk die aanklaers in Krugersdorp het bloot versuim om 'n opdrag van die DOV na te kom deur nie die verdagte te vervolg nie. Die verdagte is boonop in 2018, dae nadat hy in hegtenis geneem is, op die bevel van die senior aanklaer in Krugersdorp vrygelaat. Dit lyk of aanklaers na redes soek om nie te vervolg nie. Die familie wag nou al vier jaar op geregtigheid.

**NICOLENE SWART**

Die verhoor waarin Nicolene Swart se man daarvan aangekla word dat hy haar aangerand het met die doel om haar ernstig te beseer, sal na verwagting van 7 tot 9 Junie 2022 duur. Dít volg nadat die verhoor op verskeie vorige geleenthede uitgestel en die saak van die rol geskrap is. Die privaatvervolgingseenheid het ingevolge 'n waaksaamheidsopdrag van Swart vertoë aan die DOV gerig en ook aangedui dat hulle bereid is om privaat te vervolg. Daarna het die DOV in Mei 2021 opdrag gegee dat die beskuldigde summier vervolg moet word.

**Dilemma:** Die saak is herhaaldelik uitgestel en selfs van die rol geskrap.

**MIV-SAAK**

Die verhoor van 'n beskuldigde – wat van poging tot moord aangekla word omdat hy na bewering 'n slagoffer met MIV besmet het terwyl hy geweet het dat hy die virus onder lede het en dié feit verswyg en ontken het – is in Februarie vir die vierde keer in die Pretoriase Landdroshof tot 3 Maart 2022 uitgestel. Die beskuldigde se prokureur het versuim om op te daag omdat hy na bewering die oggend van die saak in 'n motorongeluk betrokke was. Hy het 'n kollega hof toe gestuur om aansoek te doen om die uitstel. Die privaatvervolgingseenheid het namens die klaer en haar familie 'n waaksaamheidsopdrag in hierdie saak. Sowel die beskuldigde as die klaer was ten tyde van die pleeg van die beweerde misdryf lede van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW).

**Dilemma:** Die saak sloer nadat die beskuldigde van regsverteenwoordiger verander, die nuwe regsverteenwoordiger siek was, dié regsverteenwoordiger op die hofdag in 'n ongeluk betrokke was en omdat die beskuldigde in 'n stadium self siek was.

**MONIQUE VAN OOSTERHOUT**

Die saak teen Alexis Bizos, seun van wyle adv. George Bizos, op 'n klag van aanranding is in Februarie wéér uitgestel. Die privaatvervolgingseenheid verteenwoordig Monique van Oosterhout. Hulle was ten tyde van die voorval in 2015 getroud toe Bizos haar na bewering aangerand en ses van haar ribbes gebreek het.

**Dilemma:** Die NVG het geweier om hom te vervolg. Hy het intussen van regspan verander.



Monique van Oosterhout

# Privaat Vervolging takel regslui oor wangedrag

Bykans 'n jaar nadat, Pumeza Futshane, hoofaanklaer by die Johannesburgse Landdroshof, geskors is, is in 'n dissiplinêre ondersoek na haar gedrag bevind dat sy uit die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) afgedank moet word. Sy is daaraan skuldig bevind dat sy rassistiese en xenofobiese opmerkings gemaak het. AfriForum se privaatvervolgingseenheid dring sedert 2019 daarop aan dat 'n ondersoek na dié en ander bewerings teen Futshane gedoen moet word. Futshane is getroud met adv. Andrew Chauke, die Gautengse Direkteur van Openbare Vervolging (DOV), wat beteken dat sy direk aan haar man gerapporteer het. Aanklaers wat in die Johannesburgse Landdroshof werksaam was, het gevoel dat Futshane sowel haar as haar man se magsposisies misbruik het om haar kollegas te intimideer en te verkleineer. "Die bevinding van die dissiplinêre ondersoek is 'n groot oorwinning. Ons kantoor is gestig met die doel om gelykheid voor die reg te hervestig en dit is wat hier gebeur het," sê adv. Gerrie Nel, hoof van die eenheid.


**Pumeza Futshane**, hoofaanklaer by die Johannesburgse Landdroshof

Die NVG gaan 'n voormalige waarnemende regter vervolg vir die beweerde seksuele aanranding van 'n vroulike advokaat wat AfriForum se privaatvervolgingseenheid om hulp genader het. Dít volg nadat die eenheid in Oktober 2021 vertoë in dié verband aan adv. Andrew Chauke, DOV in Gauteng, gerig het omdat geen strafregtelike stappe tot op daardie stadium teen die regter gedoen is nie. Die klaer het ook die Balieraad, die Johannesburgse Vereniging van Advokate en die Raad vir die Regspraktyk (LPC) genader, maar min tot geen ondersteuning van hierdie professionele liggame ontvang nie.

"Ons verwelkom die NVG se besluit om wel vervolging in te stel omdat ons die dossier bestudeer het en daar volgens ons genoegsame bewyse is om te vervolg. Ons het 'n groeiende neiging by die NVG geïdentifiseer om eerder te weier om ingewikkelde sake te vervolg met die hoop dat die klagtes sal verdwyn. Dit is betreurenswaardig dat ons weer eens in hierdie saak eers die NVG moes uitdaag om die regering se beloftes na te kom dat sake van geslagsgebaseerde geweld geprioritiseer sal word voordat die NVG kon insien dat hier 'n prima facie-saak is," sê Nel.



# Tronkstraf vir man wat Middelburg-vrou doodry; groot deurbraak vir geregtigheid

Deur Marthinus Koekemoer

Die stryd om geregtigheid het begin vrugte afwerp soos onlangs gesien is in nóg 'n groot sukses wat AfriForum se privaatvervolgingseenheid behaal het toe 'n oortreder vir die eerste keer tronk toe gestuur is.

Geregtigheid en 'n mate van berusting het vir die familie van Lizel Visagie gekom nadat haar moordenaar effektief vyf jaar tronk toe gestuur is. Khumbulani Malinga (foto) het haar in 2019 in Middelburg doodgery toe hy 'n rooi verkeerslig verontagsaam en vir die metropolisie weggejaag het. Hy is tot agt jaar gevangenisstraf gevonnis, waarvan drie jaar vir vier jaar opgeskort is mits hy nie aan 'n soortgelyke misdryf skuldig bevind word nie. Sy rybewys is ook vir 12 maande opgeskort.

Malinga het verlede jaar skuldig gepleit op aanklag van strafbare manslag. Hy het ten tyde van die ongeluk vinniger as die spoedgrens gery en is oor 'n rooi verkeerslig voordat hy Visagie getref het. Hy het gesê daar is geen verweer vir wat hy gedoen het nie.

Marie Hamman, Visagie se ma, sê sy is dankbaar Malinga is wel gevonnis nadat dit in 'n stadium gelyk het asof die saak glad nie vorder nie. "Hy het baie van ons weggevat, maar as hy die volle vyf jaar sit, sal ons tevrede wees. Sy tyd in die tronk gaan nie my dogter terugbring nie, maar hy sal darem tyd hê om te besin oor wat hy gedoen het."

Visagie was 38 jaar oud toe sy dood is en haar dogter Ceriza 15. Was dit nie vir Visagie se laaste heldedaad nie, was Ceriza dalk ook dood. Visagie kon daarin slaag om haar dogter uit die pad van Malinga se voertuig te stamp. Ceriza het met geringe beserings van die ongeluk weggestap. Visagie was nie so gelukkig nie. Haar been is afgery en sy het kort ná die ongeluk aan haar beserings beswyk.

Ceriza het kort ná afloop van haar ma se roudiens in Nieu-Seeland saam met haar pa gaan woon en Hamman het haar nog nie weer gesien nie. Ceriza begin vanjaar haar universiteitstudies en Hamman hoop om voor die einde van die jaar te gaan kuier. Intussen praat hulle gereeld telefonies met mekaar.

Hamman het vroeër vertel hoe Malinga hul familie "verwoes" het en hoe sy nog sommige aande wakker skrik en dink aan die dag toe Visagie doodgery is. Visagie het by haar ma gewoon en haar gehelp om kop bo water te hou.

> **Hy het baie van ons weggevat, maar as hy die volle vyf jaar sit, sal ons tevrede wees. Sy tyd in die tronk gaan nie my dogter terugbring nie, maar hy sal darem tyd hê om te besin oor wat hy gedoen het.**

Hamman is van 'n SASSA-pensioen van R1 800 per maand afhanklik.

Was dit nie vir AfriForum se privaatvervolgingseenheid nie, het Malinga waarskynlik nooit die binnekant van 'n hof of nog minder die binnekant van 'n tronksel gesien nie. Die saak teen hom het stadig gevorder en Hamman het die privaatvervolgingseenheid op aanbeveling van 'n plaaslike verslaggewer om hulp genader. Dié eenheid het in September 2020 'n skrywe aan die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) gerig toe die saak reeds 'n jaar lank gesloer het.

Wico Swanepoel, aanklaer by AfriForum se privaatvervolgingseenheid, sê die eenheid het by die saak betrokke geraak om toe te sien dat geregtigheid geskied en om te verseker dat diegene wat die wet oortree nie ongestraf bly nie. "Hierdie familie verdien ook geregtigheid."



Wyle **Lizel Visagie** en haar dogter **Ceriza**.



# Moeder van alle hofsake kan kom om Afrikaanse skole te red

Deur Alet Rademeyer

Die beplande Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwys, wat deur opposisiepartye en gemeenskappe as 'n "staatsgreep en kaping van openbare skole" beskryf word, sal tot in die hoogste hof beveg word.

AfriForum en Solidariteit waarsku die regering dat hy hom vir die moeder van alle gevegte moet voorberei indien die omstrede wysigings goedgekeur word. Die wetsontwerp is in Oktober 2017 die eerste keer vir kommentaar gepubliseer en meer as 5 000 voorleggings is ontvang. In Januarie 2020 het Angie Motshekga, Minister van Basiese Onderwys, belanghebbendes uitgenooi om die wetsontwerp te bespreek en daaroor te beraadslaag.

Die wetsontwerp is ná voorleggings aangepas en in sy huidige formaat – wat steeds wye kritiek ontlok – herskryf.

Die wysigings het ten doel om hoofsaaklik drie artikels te wysig:

- **Artikel 5 wat provinsiale onderwyshoofde die finale gesag gee oor leerders se toelating by 'n openbare skool.**
- **Artikel 6 wat provinsiale onderwyshoofde die finale gesag gee oor 'n skool se taalbeleid, met dié hoofde wat verplig sal word om toe te sien dat die taalbeleid die breër gemeenskap dien.**
- **Artikel 13 wat die LUR vir Onderwys die mag gee om skole te laat saamsmelt, die skole se beheerliggame te laat saamsmelt en 'n nuwe naam en adres van die saamgesmelte skool te bepaal.**

Daar is ook ander aspekte wat in die wetsontwerp aandag kry, waaronder die monitering van onderwysers, skoolhoofde en die skoolbeheerliggaam; die moontlikheid om gr. R verpligtend te maak; en moontlike vervolging van ouers/persone wat kinders sonder geldige redes van skool weghou.

Onder die huidige wetgewing het skole se beheerliggame, wat deur ouers verkies word, die mag om 'n skool se taal- en toelatingsbeleid te bepaal. Die nuwe wetsontwerp bepaal uitdruklik dat die "finale gesag" nie by die skoolgemeenskap berus nie, maar by provinsiale onderwyshoofde, LUR's vir Basiese Onderwys en die Minister van Basiese Onderwys.

Die parlementêre portefeuljekomitee het Maartmaand opsygesit vir skriftelike kommentaar. Dit is nog onduidelik of openbare verhore ook daaroor gehou sal word.

Die felste kritiek teen die wysigings het onder andere gekom van Baxolile Nodada, DA-woordvoerder oor onderwys. Hy meen die ontneming van ouers se regte en magte, wat weet wat die beste vir hul kinders is, sal skole in die hande van kaders soos Panyaza Lesufi, Gautengse LUR vir Onderwys, plaas. Dit sal 'n gelaaide wapen in die hande van diegene soos Lesufi wees wat Afrikaanse skole verag en reeds oorlog teen beheerliggame en moedertaalonderrig voer.

Lesufi het al vantevore probeer om 'n taalbeleid op 'n skool af te dwing soos in die geval van die Hoërskool Overvaal in Vereeniging en bloedneus gekry.

Akademici en onderwyskenners is dit eens dat die voorgenome wetsontwerp 'n poging van die staat is om gebreke in die stelsel, soos onbevoegde amptenare, onvoldoende kapasiteit by skole, wanfunksionele skole, swak opvoeders en 'n tekort aan geriewe, te verdoesel. Dit word bestempel as net nog 'n vorm van politieke inmenging by skole wat goed funksioneer.

"Die wysigingswetsontwerp is niks anders as deel van die ANC-regering se haatveldtog teen Afrikaanse kinders en Afrikaanse skole nie. Kinders se belange en toekoms word weer die speelbal van die magsbehepte staat," meen Alana Bailey, hoof van Kultuursake by AfriForum.

Dr. Dirk Hermann, bestuurshoof van Solidariteit, sê die ANC se mag kan nie by skole gesentraliseer word nie. Daar is twee opsies om dit teen te staan, naamlik die howe en openbare protes.

AfriForum is tans met 'n omvattende veldtog besig om Afrikaanse skole te red.





10 JAAR
AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES
VELE STUDIEOPSIES VIR
werkendes of
skoolverlaters
Vind meer uit oor voltydse studies by
DIE KAMPUSOPEDAG
9 APRIL
CENTURION
SKANDEER DIE QR-KODE VIR INLIGTING
STUDIE-AANSOEKE VIR 2023 OPEN 4 APRIL
Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997 Registrasienommer: 2011/HE08/005.
www.akademia.ac.za

# Groot oorwinning vir Afrikaans en geregtigheid

Deur Alet Rademeyer

AfriForum en sy regsverteenwoordiger Hurter Spies Ing. het 'n belangrike oorwinning vir Afrikaans en geregtigheid behaal toe 'n sielkundestudent onlangs bygestaan is om by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGBSA) te registreer.

Du Toit Genis (29) het AfriForum uit radeloosheid genader nadat die RGBSA hom nie as 'n sielkunde-intern wou registreer nie omdat sy honneursgraadsertifikaat van die Universiteit van Pretoria (UP) in Afrikaans is.

Hy is uiteindelik geregistreer ná druk deur AfriForum en Hurter Spies Ing. 'n skrywe hieroor aan die raad gestuur én 'n semidringende hofaansoek gebring het. Die saak is teruggetrek nadat hy bewys van registrasie ontvang het.

Genis is tans besig met sy meestersgraad in Sielkunde. Ten einde sy studies te kan voltooi, moet hy by die raad as sielkunde-intern registreer. Hy het verskeie dokumente hiervoor ingedien, waaronder sy graad van die UP wat die RGBSA nie wou aanvaar nie omdat dit in Afrikaans is.

> **Ek het net weer besef dat 'n organisasie soos AfriForum regtig vir mense omgee, 'n verskil maak en wil toesien dat geregtigheid geskied.**



FOTO: MARTHINUS KOEKEMOER

**Du Toit Genis** van Pretoria kon danksy AfriForum se ingryping as sielkundestudent by die RGBSA geregistreer word.

Genis sê hy is ontsettend dankbaar en verlig dat die gesukkel en gesloer verby is.

"Ek het net weer besef dat 'n organisasie soos AfriForum regtig vir mense omgee, 'n verskil maak en wil toesien dat geregtigheid geskied. Dit beteken ek kan nou uiteindelik met my loopbaanpad voortgaan om as sielkundige ook 'n verskil in mense se lewens te kan maak."

Genis hoop dat wat met hom gebeur het ander mense sal hoop gee dat hulle nie ophou baklei nie. "Diskriminasie teen jou as mens en jou taal is nie aanvaarbaar nie. Dit is belangrik dat die publiek kennis neem dat hul hande nie afgekap is nie."

Alana Bailey, AfriForum se hoof van Kultuursake, meen dit is onaanvaarbaar dat enige student se toekoms op die spel geplaas word omdat 'n amptelike instelling weier om een van die land se landstale te erken. "Ons is dankbaar die saak is opgelos, maar is bekommerd dat 'n klimaat bestaan waarbinne 'n amptenaar veilig voel om so 'n onwettige besluit te neem. Ons waardeer dat Genis nie die maklike weg gevolg het om sy sertifikaat te laat vertaal nie, maar bereid was om op 'n waardige wyse binne die raamwerk van die wet 'n standpunt in te neem vir Afrikaans en vir alle ander studente wat hulle in 'n soortgelyke posisie mag bevind."

Willie Spies van Hurter Spies Ing. het verklaar dat hierdie gebeure weer eens 'n bewys daarvan is dat taalgemeenskappe burgerregtewaghonde nodig het om voortdurend vir hulle taalregte in te tree. "In dié opsig is AfriForum 'n lewensnoodsaaklike rolspeler vir die instandhouding van 'n gesonde samelewingsorde."

## Hof beslis ten gunste van NSFAS-studente

AfriForum Jeug het 'n oorwinning oor die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (NSFAS) behaal vir 'n groep van die studente wat die organisasie om hulp genader het ná NSFAS in 2020 sowat 5 000 studente se befondsing teruggetrek het. Die saak teen NSFAS is in die Wes-Kaapse Hooggeregshof in Kaapstad aangehoor. NSFAS het beweer die studente was oneerlik met hulle aansoeke en het ook SMS-boodskappe aan die studente gestuur waarin beweer is dat inligting van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) ontvang is wat aandui dat die studente se huishoudelike inkomste meer as R350 000 per jaar is. In die hof is erken dat NSFAS nie die inligting van die SAID ontvang het nie, maar wel van 'n kredietagentskap wat bloot huishoudelike inkomsteskattings gemaak het. Regter Mark Sher het dié bekentenis as uiters kommerwekkend beskryf.

AfriForum Jeug is egter teleurgesteld dat net sommige studente weens hierdie uitspraak verligting sal kry en nie die hele groep wat deur hierdie aanvanklike besluit benadeel is nie. Gevolglik moedig AfriForum Jeug die publiek aan om privaat beursskemas te ondersteun soos dié van AfriForum Jeug en Solidariteit Helpende Hand, aangesien dit duidelik is dat staatsondersteunde fondse studente, soos in hierdie geval, lelik in die steek kan laat.




**Kallie Kriel**, **Natasha Venter**, **Susan Lombaard**, **Annelize Britz** en **Willie Spies**.

# Matriekuitslaesaak: Groot wen in openbare belang

Deur Alet Rademeyer

Die beslissing vroeër vanjaar in die Noord-Gautengse Hooggeregshof in Pretoria dat dit in openbare belang is dat die matriekklas van 2021 se uitslae bekendgemaak en gepubliseer word, is nóg 'n pluimpie in die hoed van AfriForum.

Danksy dié oorwinning wat AfriForum en Maroela Media behaal het, is verhoed dat die onbevoegde staat nog iets wat vir alle landsburgers belangrik is, tot niet maak.

AfriForum, Maroela Media en Anlé Spies het 'n dringende aansoek gebring nadat Angie Motshekga, minister van Basiese Onderwys, en haar departement aangekondig het dat die uitslae nie vanjaar soos voorheen aan die media beskikbaar gemaak gaan word nie. Die departement het sy besluit gegrond op die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (Popia) wat in Julie 2021 van krag geword het.

Die departement se tydsberekening én gebrek aan oorlegpleging met die media het egter heelwat negatiewe reaksie ontlok. Dit het vrae laat ontstaan oor die eerlike bedoelings van die departement, terwyl die departement ook daarvan beskuldig is dat hierdie net nóg 'n voorbeeld van swak regering is.

Adv. Quintus Pelser (SC) het namens die applikante geargumenteer dat die departement toegang tot 'n enorme hoeveelheid data het wat deur kundiges geïnterpreteer moet word en dat verskeie belange in die saak opgeweeg moet word. Gevolglik kan die minister nie besluit of die inligting gepubliseer mag word of nie.

Pelser het ook aangevoer dat die bekendmaking van die matriekuitslae 'n jarelange instelling is wat nog elke jaar goed afgeloop het. Om dit vanjaar vir die eerste keer uit die openbare domein te wil hou, maak nie sin nie.

Regter Anthony Millar het ook saamgestem dat dit waarskynlik nie moontlik sal wees vir die bykans een miljoen matrikulante van 2021 om hul uitslae aanlyn op die departement se webtuiste te kry nie. Hy het ook gemeld dat baie leerders in sekere gebiede nie toegang tot internet het nie en dat 'n koerant 'n belangrike bron is waar hulle hul uitslae kan kry.

Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, sê talle matrikulante het baie hard gewerk om uitmuntende prestasies te behaal. "Dit kan nie sommer onder die mat ingevee word nie. Die uitspraak is 'n oorwinning vir derduisende wat hul skoolloopbaan ná 12 jaar afgesluit het."

Willie Spies van Hurter Spies Ing. meen die minister het korrek opgetree deur die aansoek nie teen te staan nie. "Die uitspraak het oor veel meer gegaan as net toegang tot matriekuitslae. Ons leef in 'n samelewing waar daar 'n wedywering van idees is. Aan die een kant gaan dit daaroor om die burgerlike samelewing sterk te maak, om 'n sterk media en 'n sterk, vrye beweging van inligting te hê teenoor 'n staatsgeforseerde ideologie wat graag dwang wil instel en 'n monopolie op grond, water, hulpbronne en mineraalregte wil hê, soos reeds gebeur het. 'n Staat wat beslis ook 'n monopolie op inligting wil hê."



**Susan Lombaard**, uitvoerende direkteur van Maroela Media, binne die hof.



**Willie Spies** en **adv. Quintus Pelser (SC)** buite die hof.

FOTO: JHUA-NINE WYRLEY-BIRCH



**Neil Somers** is reeds 17 jaar in die musiekbedryf.

# 'Ons moet saam opstaan teen onreg en vergrype'

Deur Alet Rademeyer

'n Mens moet dinge net sien vir wat dit is. Of dit nou in die wêreld, die land of jou persoonlike lewe is. Jy kan niks aan die verlede doen nie, maar wel aan vandag en môre. 'n Mens moet werk om dinge te verander waaraan jy iets kan doen. Vir die res moet jy aanvaar en dit sien vir wat dit is.

Dít is die bekende sanger Renier Kleinhans se uitkyk en hoe hy elke dag aanpak. Renier wie? Nee, ons praat eintlik van die talentvolle Neil Somers wat vanjaar 17 jaar in die musiekbedryf vier. "Neil Somers is my verhoognaam en dit werk net beter as Renier," lag hy.

Daar is ook 'n storie agter die naam met die elemente van 'n somervakansie; 'n paar stuitige jong pelle wat vir hulself ander name vir die vakansie uitgedink het en 'n meisie met wie hy later lank sou uitgaan wat hom as "Neil" leer ken het.

Hoewel dié boorling van Bethal in Mpumalanga van jongs af van musiek gehou en ook in kore gesing het, het sy loopbaan eintlik half terloops afgeskop. Sy ma het hom in 2003 vir 'n sangkompetisie by 'n fees in Jeffreysbaai ingeskryf. Hy was toe nog 'n student in siviele ingenieurswese aan die destydse Technikon Pretoria, maar nie lus vir 'n loopbaan in dié bedryf nie.

'n Goeie vriend en ewe bekende liedjieskrywer Koekoes Bezuidenhout het in daardie stadium in Patensie in die Oos-Kaap gewoon en Neil het in 2004 soontoe getrek. Koekoes het lirieke geskryf wat Neil getoonset het en hy het al hoe meer in kuierplekke begin optree. In 2005 het Neil noorde toe getrek en eers in Johannesburg gewoon voordat hy hom in Pretoria gevestig het.

Koekoes, wat ook baie van Adam Tas se liedjies geskryf het, is verlede jaar November skielik aan vermoedelik 'n hartaanval oorlede. Neil skryf nou meeste van sy lirieke self en daar is 'n moontlikheid dat hy ook vir ander kunstenaars kan skryf. "Liedjieskryf is 'n ander storie. Dis moeilik én maklik. Partykeer sit ek met 'n melodie in my kop, maar die woorde kom nie. Dit is maar soos skrywersblok. Ander kere kom dit weer vinnig. 'Jy is water' het ek byvoorbeeld in 'n halfuur geskryf."

Neil het reeds drie albums uitgereik: *Anderkant Atlantis* (2009), *Hierdie Hande* (2015) en *Jy is water* (2021). Van sy ander treffers is



"Silwer Kombers", "Vergenoegd", "Neonlig Nagdans" en "Bloedgrond".

Die woorde van "Bloedgrond" verklap dat Neil in hart en siel 'n Afrikaner is wat vir sy mense omgee en talle van hulle bekommernisse deel. "Die lied gaan oor waar ons vandaan kom en ons verbintenis met die grond. Ek het een aand op televisie na (Julius) Malema gekyk wat weer uitlatings oor grondvat gemaak het ... en toe die idee gekry."

> **Liedjieskryf is 'n ander storie. Dis moeilik én maklik. Partykeer sit ek met 'n melodie in my kop, maar die woorde kom nie.**

Volgens Neil pla kwessies soos plaasmoorde en die miskenning van Afrikaners se regte hom baie. "Dit maak my so kwaad dat dit vir my beter is om eerder stil te bly. Ek is net so woedend oor die regering se planne met Afrikaanse skole. Hulle sê hulle wil skole integreer, maar dis eintlik maar net kodetaal vir nóg 'n skool wat sy gat gaan sien.

"Dit is hoekom ek 'n reuse-ondersteuner van AfriForum is. Julle baklei vir ons en vir wat reg is. As AfriForum nie daar was nie, sou die chaos veel erger in die land gewees het en daar sou net nog meer vergrype en ongeregtigheid gewees het."

Dit is ook sy gebondenheid aan sy mense, sy vriende en familie wat hom nooit sal laat emigreer nie. "Ek het my suster agt jaar laas gesien. Hulle bly in Nieu-Seeland. En dit is vir my hartseer.

"Ek verstaan dat mense oorsee gaan omdat daar nie vir hulle werk hier is nie of omdat hulle onveilig voel. My benadering is maar dat ons vir onsself moet werk en dat jy alles moontlik moet doen om jou en jou gesin te beveilig. 'n Mens moet bewus wees van wat om jou aangaan. Ek glo ook maar jou tyd is jou tyd ..."

Neil voel nie hopeloos oor die Afrikaner se toekoms in die land nie. "Ons is nou almal hoofsaaklik daarop ingestel om te oorleef en dinge te doen wat ons kinders ook in die land sal laat oorleef. 'n Mens kan probeer om andersdenkendes se siening te verander, maar dis baie moeilik daar waar daar nie logika is nie.

"Ons moet maar ons eie ding doen en om suksesvol te wees sal ons getalsgewys baie harder moet werk om saam te staan. Ons sal ons probleme oorkom. Ons het nog altyd. Ons is innoverend. Ons word platgedruk, maar het die vermoë om weer op te staan. Die ANC is soos 'n hamer wat op ons neerkom, maar as hulle weer sien, spring ons net op 'n ander plek weer op. Dit is ons behoud."

Net soos baie ander kunstenaars het Neil ook gedurende die COVID-pandemie minder werk gehad. "Dit lyk darem asof dinge nou gedraai het. Besprekings kom in en 'n mens kan sien mense is lus vir kuier, funksies en feeste."

Hy beplan baie optredes vir die res van die jaar en ook 'n toer na die Wes- en Oos-Kaap en Vrystaat. "Ek glo dit is belangrik om by die mense uit te kom. CD's is nie meer groot nie en mense stroom net liedjies waarvan hulle hou. Om jou naam daar buite te kry, moet jy optredes doen en elke paar maande 'n treffer probeer hê."

Neil is sy eie bestuurder en hanteer die bespreking en bemarking van sy vertonings self. "Dit verg baie van my en is seker nie ideaal nie. Aan die ander kant bepaal jy self wanneer jy werk, hoeveel jy wil optree én jou musiek bly jou eie."

Neil sou meer wou optree, maar sy gesin kom eerste. Hy is getroud met Tarien, 'n kleuterskoolonderwyseres, en saam het hulle drie dogtertjies, naamlik Mikeila (10), Klara (8) en Alana (3). "Ek is baie huisvas en was in my hele loopbaan nog nie 'n week lank weg van die huis nie. Ek probeer maar om naweke soveel optredes moontlik te doen, maar dan wil ek huis toe. Ek verruil dit vir niks nie."

## BLOEDGROND

Ons het vir jou
'n Witkruis geplant
Tussen duisende ander
Teen 'n kliprant se wal

Jy is vooruit
Om die Koning te gaan vra
Vir vergifnis vir ons mense
Dat ons die rug gedraai het
Op die waarheid

Op hierdie grond
Is 'n belofte gemaak
Diepwaters gevloei
Het ons voorvaders
gebloei op hierdie grond

Het ons hart en siel baklei
Om ons vryheid te
verkry en hierdie grond
Hierdie is bloedgrond

Met bloed en sweet
Is die prys klaar betaal
Dis ons mense se verhaal
maar dis nie al nie



FOTO'S: JHUA-NINE WYRLEY-BIRCH

# AfriForum ver




Ernst Roets, hoof van Beleid en Aksie by AfriForum.

FOTO'S: JHUA-NINE WYRLEY-BIRCH

Regter Edwin Molahleni moet nog 'n datum vir slotbetoë bepaal in AfriForum se siviele saak oor haatspraak teen Julius Malema en die EFF. Die saak is in die Gelykheidshof, wat in die Suid-Gautengse Hooggeregshof in Johannesburg gesit het, aangehoor. Dit duur nog voort. Malema is reeds in 2010 in die hof aan haatspraak skuldig bevind oor die sing van die lied "Kill the Boer". Die hof het bevind die lied behels haatspraak. AfriForum wil Malema, sy party en sy ondersteuners – wat voortgaan om dit te sing ondanks 'n skikkingsooreenkoms wat bereik is waarin Malema sekere ondernemings gemaak het – tot orde roep. AfriForum vra 'n hofbevel wat die EFF sal dwing om R500 000 aan 'n organisasie te skenk wat nierassigheid bevorder, asook dat die saak na die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) verwys word. Adv. Mark Oppenheimer het namens AfriForum opgetree en adv. Mfesane Ka-Siboto vir die EFF. Ernst Roets, Duncan Prinsloo, Daleen Muller, Hennie Human en Gabriel Crouse is deur AfriForum as getuies geroep, terwyl Malema en prof. Liz Gunner deur die verdediging geroep is.

## ERNST ROETS

Roets het sy saak as kundige gestel en op navorsing gewys wat hy vir sy boek *Kill the Boer: Government Complicity in South Africa's Brutal Farm Murders* gedoen het. Sy argumente is dat die staat nie genoeg doen om plaasmoorde te veroordeel nie en dat dié wreedhede deur die sing van haatspraakliedere aangemoedig kan word hoewel dit nie die enigste faktor is wat tot die fenomeen aanleiding kan gee nie.

### Opmerkings deur Roets:

- **Die sing van die lied "Kill the Boer" in die openbaar (en deur politici) het 'n invloed op die voorkoms van plaasaanvalle en -moorde.**
- **'n Skerp toename in aanvalle ná die sing van revolusionêre liedere is nie ongewoon nie.**
- **Malema se uitsprake kan nie met grondwetlike beginsels versoen word nie.**
- **Die sing van die lied "Kill the Boer" maak 'n bespotting van die pyn en lyding wat slagoffers van plaasaanvalle ervaar.**
- **As jy iemand vermoor en dit is 'n boer, is dit asof jy nie so erg veroordeel word nie. Dít is duidelik as 'n mens kyk na die optrede van die regering. Niemand veroordeel dit of tree op nie.**
- **Dit wil voorkom asof politici plaasmoorde romantiseer.**
- **Plaasmoorde is 'n baie unieke misdaad wat geprioritiseer moet word.**



> Ek is dankbaar dat omdat ek 'n Christen is, ek die mense kon vergewe wat dit aan my gedoen het.

Dr. Duncan Prinsloo

# 'sus Malema

## JULIUS MALEMA

Malema het die hofsaak as platform gebruik om ongegronde beskuldigings na wit mense te slinger, aanvalle op hulle as groep te loods en blatante rassistiese uitsprake te maak. Hy het voorgehou dat daar niks daarmee verkeerd is om struggle-liedere soos "Kill the Boer" te sing nie.

### Opmerkings deur Malema:

- **Ek kan dit ("Kill the Boer") sing as ek wil, maar ek doen dit nie. Daar is niks daarmee verkeerd as die EFF dit doen nie.**
- **Alles wat ek sing en doen het ek van ons politieke leiers geleer. Ons is geleer dat die betekenis nie letterlik is nie. Dit verwys na die (wit) stelsel van onderdrukking.**
- **Ek het nooit gesê ek is gematig nie. Ek is baie radikaal en militant en maak geen verskoning daarvoor nie. Ek staan by alles wat ek sê.**
- **Wit mense is verantwoordelik vir die sondes van hul vaders. Hulle het hier gekom en as setlaars ons grond gevat en ons soos sardiens na onproduktiewe grond sonder ekonomiese geleenthede geskuif.**
- **Wit mense het ons grond geroof ... wit mense wat hier kom bly het ... hulle is gronddiewe wat nog nie die grond aan die regmatige eienaars teruggegee het nie. Julle is in besit van gesteelde goedere wat julle moet teruggee. Jul ouers het julle 'n slegte naam gegee.**
- **Ek gaan nog president van die land word. Ek gaan daaroor en oor jou regeer. Hoe gouer jy aan die realiteit gewoond raak, hoe minder pyn ... rassistiese borspyn sal jy hê. (Gerig aan adv. Oppenheimer.)**
- **Ek is nie bang vir die dood nie. Ek is lankal dood. Ek is nie bang om dood te maak nie. 'n Revolusionêr is 'n lopende moordmasjien. As die behoefte hom voordoen sal ek doodmaak ter verdediging van my mense ...**
- **Peter Mokaba is my broer en mentor. Daar is nie genoeg gedoen om hom te eer nie. Paul Kruger se standbeeld moet met syne in Pretoria vervang word.**
- **Ons het geen geld om te betaal nie. Julle vra geld (indien die hofbevel toegestaan sou word) van mense by wie julle gesteel het. Julle moet 5 triljoen dollar betaal ... dis wat julle ons skuld.**
- **Ek is nie aangeraak deur die trauma van wit mense en die geval (Duncan Prinsloo) wat julle hierheen gebring het nie ...**
- **Oor sy vroeëre uitspraak dat hulle nie vir die slagting van wit mense vra nie, ten minste nie nou nie: Ek kan nie sê of dit in die toekoms die geval kan wees nie. Ek kan nie die toekoms waarborg nie. Ek is nie 'n profeet nie en weet nie wat in die toekoms gaan gebeur nie. Ek kan nie sê dat ek nooit daardie woorde sal sê nie ...**

> "Ek staan by alles wat ek sê.



Julius Malema

Dr. Duncan Prinsloo, 'n veearts en boer wat in 2008 saam met sy vrou Laetitia op hul plaas buite Bronkhorstspruit aangeval en geskiet is, het tydens sy getuienis baie bewoë geraak. Sy is in die aanval dood en hy is gestrem gelaat: "Ek is dankbaar dat omdat ek 'n Christen is, ek die mense kon vergewe wat dit aan my gedoen het. Al het jy vergewe, kan jy nooit uitvee wat jy ervaar het nie. Ek het my werk so geniet. Dit was vir my 'n geweldige verlies dat ek nie meer op die vlak kon funksioneer wat ek het nie."

# Plaasmoorde:
## Ons stryd vir geregtigheid

Deur Ernst Roets

Plaasmoorde het deel van die Suid-Afrikaanse werklikheid geword. Waar ons vroeër ’n taamlike stryd met die SAPD gehad het oor die publisering van plaasmoordsyfers, vind ons dat dit nou makliker is om toegang tot die polisie se syfers te kry. Intense debatte is al gevoer oor die verwerking van die syfers en hoe ons dit moet benader. Feitebevestigers soos Africa Check en ontleders in die hoofstroom is vinnig om deel van die debat te word wanneer hulle wil aanvoer dat een of ander syfer oor die omvang van die krisis verkeerd is, maar dikwels ook tjoepstil wanneer hulle inderdaad tot die gevolgtrekking kom dat dit ’n ernstige krisis is.

In die stryd teen plaasmoorde is daar ook blatante dubbele standaarde. AfriForum moet alewig verduidelik waarom ons kwansuis vir boere “spesiale behandeling” wil gee wanneer ons daarop aandring dat plaasmoorde geprioritiseer moet word. Tog het niemand al ooit aangevoer dat dit “spesiale behandeling” en dus onregverdigbaar is om renosterstropery te prioritiseer nie. Dieselfde kan gesê word van talle ander prioriteitsmisdade, waaronder koperkabeldiefstal, transitorooftogte en bendegeweld. Niemand dink dat dit diskriminasie teen olifante is as die regering ’n teenstrategie teen renosterstropery uitvoer nie. Tog, as ’n mens teen plaasmoorde standpunt inneem, word jou motiewe bevraagteken, asof jy met een of ander diskriminasieproses besig is.

Daarom is dit so belangrik dat ons nie ons hoop op die regering plaas wanneer dit by die bekamping van plaasmoorde kom nie. Dit blyk ook dat daar oor die algemeen nie veel simpatie uit die hoofstroommedia gaan kom nie. Dit is ’n roekelose ingesteldheid om die minste te sê. Tog is die goeie nuus dat ons stryd vir geregtigheid nie van goedkeuring deur die regering of die media afhanklik is nie.

Die belangrikste is dat ons self die probleem erken vir wat dit is en dat ons dan self iets daaraan doen. In die meeste van AfriForum se aktiwiteite volg ons ’n dubbele strategie. AfriForum se missiestelling sê dat ons ’n toekoms vir Afrikaners aan die suidpunt van Afrika wil skep deur eerstens bestaande werklikhede te beïnvloed en tweedens deur nuwe werklikhede te skep. Die eerste behels dat ons teen onreg veg en die tweede behels dat ons nuwe instellings bou. Daarom ons slagspreuk: Veg en bou.

> “In die stryd teen plaasmoorde is daar ook blatante dubbele standaarde.

As ons sê dat ons instellings bou, behels dit nie net organisasies soos AfriForum, media-instellings, onderwysinstellings, privaat sekuriteit en kultuurinstellings nie; dit behels ook organisering op grondvlak. Dit sluit dus takke, plaaslike veiligheidstrukture en gemeenskapsforums in. Dit is nie net logies nie, maar navorsing bewys ook dat goed georganiseerde gemeenskappe beter toegerus is om na hulle belange om te sien en dat landelike gemeenskappe wat – as gemeenskap – goed na hulle eie veiligheid omsien, ook minder deur plaasaanvalle geteister word.

Terselfdertyd kan ons nie agteroorsit en aanhou belasting betaal sonder om daarop aan te dring dat die staat sy rol speel nie. Daarom dryf AfriForum ’n veldtog vir die prioritisering van plaasaanvalle. Hierdie veldtog sluit navorsing, konferensies, protesaksies, internasionale skakeling, hofsake en media-aksies in. ’n Belangrike komponent van ons veg-veldtog is ook om die howe te gebruik waar dit sinvol kan wees. Een voorbeeld hiervan is AfriForum se onlangse hofstryd teen Julius Malema en die EFF. AfriForum is nie naïef om te dink dat ’n mens krisisse in die samelewing met hofsake kan oplos nie, maar hofsake kan veelvoudige funksies hê. Dit kan help om momentum vir ’n veldtog te gee, om iemand te ontbloot vir wie hy regtig is en om die wêreld in te lig van wat hier aangaan. In die saak teen Malema het Mark Oppenheimer, AfriForum se advokaat, Malema se blatante rassisme vir die wêreld gewys deur ’n spreekwoordelike spieël op te lig en vir Malema te kry om te sê wat hy regtig dink.

Die stryd teen plaasmoorde begin en eindig nie by Malema nie, maar die stryd teen haatspraak is ’n belangrike komponent van die stryd teen plaasmoorde.

**Ernst Roets is hoof van Beleid en Aksie by AfriForum.**



# Roets getuig in hofsake vir geregtigheid vir plaasmoordslagoffers

Deur Alet Rademeyer

Ernst Roets, hoof van Beleid en Aksie by AfriForum, het sedert die begin van die jaar in twee hofsake as deskundige oor plaasmoorde en die impak daarvan getuig.

Hy is die skrywer van die boek *Kill the Boer: Government Complicity in South Africa's Brutal Farm Murders.* Die navorsing vir die boek is baie deeglik en bevat meer as 'n duisend bronverwysings. Statistieke en beskrywings van die gruwelike mishandeling en marteling waaraan van die slagoffers onderwerp is, word in die boek beskryf en is ook in Roets se getuienis geopenbaar.

In die boek val die kollig op die brutaliteit van plaasmoorde met die gepaardgaande enorme ekonomiese, maatskaplike en traumatiese uitwerking wat dit op slagoffers en naasbestaandes het.

Dit is alombekend dat die ANC-regering die krisis rondom plaasmoorde onder die mat invee en weier om dit in praktyk tot prioriteitsmisdaad te verklaar en teenstrategieë te implementeer. Veldtogte rondom bewusmaking – plaaslik én internasionaal – oor die fenomeen is sedert AfriForum se ontstaan in 2006 'n prioriteit.

Roets het vroeër vanjaar 'n beroep op die Vrystaatse Hooggeregshof in Bloemfontein gedoen dat plaasmoordenaars swaar gestraf moet word in die saak van Sakkie (67) en Ina (62) van der Berg waarin hy getuig het.

> **Dit is alombekend dat die ANC-regering die krisis rondom plaasmoorde onder die mat invee ...**

Die slagoffers is in 2019 op hul plaas Bloubos naby Boshof in die Vrystaat vermoor. Roets is deur die aanklaer in die saak genader om te getuig oor die omvang van plaasaanvalle en -moorde en die impak daarvan op gemeenskappe, families en die samelewing in die algemeen.

Al vier beskuldigdes in die saak, Johannes Sekgoro, Thami Terence Kat, Leepile Daniel Sidasi en Daniel Tsekiso Seloane, is skuldig bevind aan moord en roof met verswarende omstandighede. Kat en Seloane is ook skuldig bevind vir die onwettige besit van vuurwapens en ammunisie. Regter Celesté Reinders het elk tot twee keer lewenslange tronkstraf gevonnis.

"Om oortreders swaar te straf is 'n noodsaaklike stap om die boodskap dat geregtigheid geskied het aan die gemeenskap en families van hierdie slagoffers oor te dra. Dit sal ook ander oortreders daarvan afskrik om soortgelyke misdade te beplan," meen Roets.

Hy het ook in AfriForum se haatspraaksaak teen Julius Malema en die EFF in die Gelykheidshof getuig. Die saak word deur regter Edwin Molahleni in die Suid-Gautengse Hooggeregshof in Johannesburg aangehoor. (Lees berig op bl. 24.)

Roets het in die haatspraaksaak getuig dat die politieke klimaat in die land dikwels van so 'n aard is dat politieke leiers aktief en deurlopend wit boere in die besonder as sondebokke brandmerk en selfs sover gaan as om geweld teen hulle te romantiseer.

Hy meen liedere soos "Kill the Boer" maak 'n bespotting van boere en hul gesinne se lyding en die sing van die gewraakte lied het 'n beduidende invloed op die voorkoms van plaasmoorde en -aanvalle.

## DRIE DEKADES VAN SMART

**Sedert 1 Januarie 1990 is 2 171 plaasmoorde en 6 015 plaasaanvalle in die land aangemeld.**

**Van 2017 tot 2021 was daar 314 plaasmoorde en 1 895 plaasaanvalle.**

**Bron:** TLU SA



Ernst Roets

## Plaasmoordsyfers:

- **Tussen 2016 en 2021 was daar 364 plaasmoorde.**
- **Meer as 64% van die moorde is op plase gepleeg.**
- **Meeste van die moorde is op Vrydae, Saterdae en Sondae gepleeg.**
- **Die gemiddelde ouderdom van slagoffers is 57 jaar.**
- **Die meeste slagoffers (165) is een of meer maal geskiet.**
- **Tussen 2016–2020 was daar 311 moorde waarby na raming 671 aanvallers betrokke was en waarvan 318 gearresteer en net 107 tronk toe gestuur is.**

**Bron:** AfriForum Plaasmoordverslag (Maart 2022).

# Weduwee beskryf AfriForum-traumaeenheid as ‘veiligheidsgordel’ in plaasmoordhofstryd

Deur Jhua-Nine Wyrley-Birch

Sy is iemand wat dit moeilik vind om haar hart te deel en sal eerder alleen aansukkel as om vir hulp te vra. Maar die impak van haar man se moord en die publisiteit wat dit in die media ontlok het, het haar laat voel asof sy versmoor. Toe het 'n "makker" van AfriForum se traumaeenheid aangehou om sy hulp aan te bied en vyf jaar later is hulle byna huisvriende.

Só vertel Drieka Botha, wie se man Dries in 2017 in 'n plaasaanval oorlede is, oor die rol wat AfriForum se traumaeenheid in die jarelange hofstryd teen haar man se moordenaars gespeel het.

Botha het hoofsaaklik met groente in die Brits-omgewing geboer en was jarelank as "Bloubul Botha" bekend vanweë die padstal wat hy naby sy plaas bedryf het. Op 4 Julie 2017 is hy sewe keer tydens 'n plaasaanval geskiet en sy ingewande, veral sy pankreas, is erg beskadig. Hy is kort daarna aan sy skietwonde oorlede. "My hele wêreld is in 'n aand op sy kop gedraai. My groot en sterk blok van 'n man is geskiet en dood. My lewe het gestop. My hart het gestop," vertel Drieka.

Kort voor haar man se begrafnis het haar broer voorgestel dat sy met AfriForum kontak maak, maar sy was huiwerig. "Ek het Johan Kloppers van die traumaeenheid eenkant by die begrafnis gesien en nooit besef dié man gaan my veiligheidsgordel word nie."

Kloppers is een van die traumaeenheid se vier traumaberaders. Dié eenheid is in 2015 op die been gebring om slagoffers van geweldmisdaad by te staan deur so gou as moontlik ná 'n traumatiese gebeurtenis emosionele en praktiese ondersteuning aan slagoffers te bied om die impak van die trauma te verlig en die herfunksionering van die persoon te bespoedig. Traumaberaders soos Kloppers, wat voorheen by die SAPD werksaam was, gebruik ook hul vaardighede om te help om slagoffers se beëdigde verklarings in hul voorkeurtaal af te neem en by die polisie in te handig vir verdere ondersoek.

Kloppers het volgens Drieka veral 'n groot rol gespeel om haar en haar kinders in die hof by te staan. "Ek dink nie mense besef hoe traumaties dit is om hierdie tipe hofverrigtinge by te woon nie, veral nie as jy nie altyd verstaan watter prosedure gevolg word of wat bespreek is nie.

"Ek het geen kennis van die reg of howe nie. Johan het van die begin af seker gemaak ek weet wat aangaan en hoe die saak vorder. As hy nie by 'n hofverskyning was nie, was dit slegs omdat hy by 'n ander slagoffer óók moes wees. Verder was hy altyd aan ons sy."

Die traumaeenheid het Drieka bygestaan met die afneem van haar beëdigde verklarings, terwyl daar ook vir haar sielkundige berading gereël is. "Hulp soos dié aan mense wat in plaasaanvalle was of geliefdes deur 'n plaasmoord verloor het, het my laat besef dat ek nie alleen is of alleen deur die trauma hoef te werk nie.

"Johan se hulp en optrede het my laat besef dat AfriForum nie daar is om jou te gebruik om hul eie openbare beeld te poets nie. Hulle is daar om dinge gedoen te kry."

> **“Ek het Johan Kloppers van die traumaeenheid eenkant by die begrafnis gesien en nooit besef dié man gaan my veiligheidsgordel word nie.**



**Johan Kloppers**, 'n traumaberader verbonde aan AfriForum se traumaeenheid.



Die Botha-gesin in die hof.

FOTO'S: JHUA-NINE WYRLEY-BIRCH

**Drieka** en **Dries Botha**

Ná meer as 50 hofverskynings wat oor bykans vier jaar strek, kon Drieka onlangs een hoofstuk van haar man se grumoord afsluit. Een van haar man se sewe aanvallers, Caiphus Shilenge, 'n 28-jarige Mosambieker wat skuld beken het, is 15 jaar tronkstraf opgelê. Dit is die voorgeskrewe minimum vonnis vir eerste oortreders wat aan moord skuldig bevind word.

Drieka moes kort voor sy vonnisoplegging getuig oor die impak van haar man se moord en het erken dat haar wonde met elke hofverskyning weer oopgekrap word. Sy het ná haar getuienis gevra of Shilenge sy masker kan afhaal. Hy het dit gedoen en vir 'n paar oomblikke het sy haar man se moordenaar in die oë gekyk. "Ek wou sy gesig sien en hom laat verstaan dat ek weet wie hy is. Ek is bly ek kon dit doen, maar weet dat ek dit nie alleen sou kon doen nie."

Volgens Drieka se seun, Dries Jr. (28), het Shilenge al voorheen op die Bothas se plaas gewerk. Shilenge het in sy beëdigde verklaring verduidelik dat hy op die aand van die aanval na die plaas gegaan het met die doel om te steel. Hy beweer hy het geskrik toe Dries hom in die pakkamer raakgesien het en het op Dries geskiet en weggehardloop sonder om iets te steel. Shilenge se saak is van die ander ses verdagtes s'n geskei. Hul saak sal later aangehoor word.

Dries Jr. het die traumaeenheid se positiewe impak op sy pa se moordverhoor ook benadruk. "Hulle het raad gegee aan ondersoekbeamptes tot medianavrae hanteer as ons die dag nie kans gesien het nie ... Ons sou nie vandag hier gestaan het as dit nie vir oom Johan was nie."

Volgens Kloppers is dit vir die eenheid veral belangrik om slagoffers ook tydens die ondersoekproses en hofprosedure te ondersteun en te bemagtig omdat hulle dikwels sekondêre trauma en viktimisering ervaar. "Daar is nog 'n lang pad wat voorlê, maar ons is so dankbaar dat 'n deel van hierdie saak afgehandel is en dat daar 'n bietjie geregtigheid vir die Bothas was, veral omdat die saak al so lank sloer."

* Skakel **012 880 1954** of die noodnommer **064 870 8312** indien jy enige navrae oor AfriForum se traumaeenheid het of moontlik van hul dienste gebruik wil maak. Jy kan ook 'n e-pos stuur na **trauma@afriforum.co.za**.

# Help só


Die traumaeenheid is tans besig met 'n nuwe opleidingsprojek wat behels dat vrywilligers, buurtwagte en AfriForum-taklede 'n kort kursus bywoon en gevolglik opgelei en bemagtig word om slagoffers onmiddellik by te staan indien 'n werknemer van die eenheid nie dadelik op die misdaadtoneel kan wees nie.

AfriForum bied sedert 2019 die #HardloopVirHoop-pretdag aan om kilometers te voet of per fiets af te lê ten bate van die organisasie se Slagofferondersteuningsfonds. Dié fonds word aangewend om slagoffers van geweldmisdaad en plaasaanvalle by te staan, hetsy deur berading, die aankoop van kos of die skoonmaak van misdaadtonele.

**Besoek www.afriforum.co.za/hardloop-en-fietsry-vir-hoop/ vir opkomende geleenthede.**

# AfriForum staan boer steeds by in saak wat sloer

Deur Alet Rademeyer



Garth Simpson

Borgtog is ná ingryping deur AfriForum in die Hooggeregshof in Pietermaritzburg aan Garth Simpson (68), die boer van Dundee in KwaZulu-Natal, toegestaan. Hy is in September verlede jaar van die moord op Qiniso Dlamini (17) aangekla ná 'n skietvoorval op sy plaas.

Simpson was byna ses maande in aanhouding nadat borgtog vroeër aan hom geweier is. AfriForum was van mening dat daar nie voldoende gronde was om borg te weier nie en het Simpson in sy appèlaansoek bygestaan. Die landdros het vroeër aangevoer dit is onder meer in belang van Simpson se eie veiligheid dat hy in aanhouding bly.

Simpson het reeds 'n paar keer in die hof verskyn en in Februarie is die saak van die hof in Glencoe na Estcourt oorgeplaas. Sy saak word in Maart voortgesit.

Simpson staan tereg op aanklagte van moord en die onwettige besit van 'n vuurwapen en ammunisie. Dít volg ná 'n skietvoorval op sy plaas waarop hy sedert 1975 boer. Die voorval hou verband met gesteelde vee wat Simpson op sy plaas geskut het. Hy het die SAPD ontbied wat nie dadelik opgedaag het nie. 'n Situasie het oënskynlik ontstaan waar 'n groep mans die kraal wou oopbreek om die vee uit te kry. 'n Struweling het glo gevolg, waarna 'n skoot uit Simpson se geweer afgegaan en Dlamini getref het.

AfriForum het dr. Llewelyn Curlewis, strafregkenner en dosent verbonde aan die Universiteit van Pretoria (UP), kort ná Simpson se inhegtenisneming opdrag gegee om die meriete van die saak behoorlik te ondersoek. Curlewis het ná bestudering van die feite op die grond en getuienis soos 'n selfoonvideo wat op die toneel deur die beskuldigde se seun geneem is én volgens hom in die hof toegelaat moet word, gesê daar is geen rede waarom die beskuldigde nie sy saak kan stel dat hy uit selfverdediging opgetree het nie.

Ernst Roets, hoof van Beleid en Aksie by AfriForum, verduidelik AfriForum het betrokke geraak omdat dit lyk asof Simpson 'n baie goeie verweer openbaar en moontlik suksesvol sal wees in sy verdediging, mits hy goeie regshulp het tydens die verhoor en nie die slagoffer word van nou al holruggeryde politieke en rasgebaseerde aantygings nie.

> **“Aan die ander kant bevind boere hulle in moeilike en onhoudbare situasies …**

AfriForum se standpunt is dat politieke inmenging en rassevooroordeel, wat toenemend gebruik word om die regsbeginsels van gelykheid en geregtigheid te beïnvloed, nie aanvaar kan word nie.

Roets sê Simpson se saak moet ook teen die breër agtergrond in die land bekyk word. "Die regering is onbevoeg en kom nie sy verantwoordelikheid na om landsburgers te beskerm nie. 'n Kultuur van geweld heers en daar is 'n klimaat waar haatspraak en geweld teen minderhede as polities korrek bestempel word en selfs geromantiseer word.

"Aan die ander kant bevind boere hulle in moeilike en onhoudbare situasies waar plaasaanvalle en -moorde, grondbesetting en grondgrype, dreigemente oor onteiening sonder vergoeding en 'n ekonomiese oorlewingstryd hul daaglikse realiteit is. Misdade teen boere en hul eiendom, wat wissel van brutale aanvalle tot diefstal en intimidasie, geniet nie die aandag wat dit moet nie.

"Voorvalle soos dié moet behoorlik ondersoek word en die regsproses moet sy loop neem sonder dat politici en gemeenskappe daaruit munt probeer slaan."



**Carl Simpson**, broer van **Garth Simpson** en **Kerri**, **Garth** se dogter, by die hof.




FOTO: MARTHINUS KOEKEMOER

# Die media en kommentariaat se reaksie op die AfriForum vs. Malema/EFF-hofsaak spreek boekdele

Deur Ernst van Zyl

Hoewel die verwerplikste aspek van die AfriForum vs. EFF-saak sekerlik baie dele van Julius Malema se getuienis was, het die reaksie van die media en lede van die Suid-Afrikaanse rubriekskrywersgarde 'n sterk tweede plek ingeneem.

AfriForum se regspan, met adv. Mark Oppenheimer aan die spits, het die militante, ekstremistiese Malema en sy gewelddadige aspirasies aan Suid-Afrika en die wêreld ontbloot. Die media, met enkele uitsonderings, het die kollig verbasend nie helder op Malema se veragtelike opmerkings laat skyn nie, maar verkies om eerder byvoorbeeld die feit dat AfriForum se advokaat soos Jan van Riebeeck lyk, een van hul hooffokuspunte te maak. Die kommentaarkliek het asof op bevel in 'n gesamentlike verenigde front oor mekaar geval om AfriForum te probeer bykom met venynige meningstukke.

'n Goue draad deur al hierdie aanvallende skryfsels is die bedrieglike argument dat die platform wat hierdie saak aan Malema gebied het, groter steun vir die EFF meebring. Dit is ironies dat dit juis hierdie kommentators en die media was wat werklik aan Malema se politieke retoriek 'n simpatieke promosieplatform gebied het. In plaas van Malema se skokkende weiering om te onderneem dat hy nooit op die slagting van wit mense sal aandring nie, het opskrifte eerder gefokus op sy kommentaar dat hy eendag president gaan wees. Indien hierdie joernaliste en kommentators verantwoordelik en objektief oor die saak berig het, veral oor Malema se onverdedigbare uitlatings, kon hierdie hofsaak inteendeel tot 'n groter afname in steun vir die EFF en Malema gelei het.

Enige redelike persoon sou maklik Malema se aanstootlike uitlatings onvoorwaardelik verdoem het en AfriForum, wat dit aan die lig gebring het, kon loof. In plaas daarvan is AfriForum gebombardeer met ellelange vyandige berigte wat blatant vals gelykstellings as feite voorhou

> **“'n Goue draad deur al hierdie aanvallende skryfsels is die bedrieglike argument dat die platform wat hierdie saak aan Malema gebied het, groter steun vir die EFF meebring.**

deur rubriekskrywers wat dink hulle weet wat AfriForum se motiewe is. As hulle reken AfriForum en die EFF is uit dieselfde hout gesny, waarom pas hulle dan ooglopend verskillende standaarde op ons toe? Dit lyk asof die kommentariaat bang is hulle bars in vlamme uit as hulle iets gunstig oor AfriForum sê, as hulle vir Malema die veroordeling gee wat hy verdien, of as hulle 'n week laat verbygaan sonder om hulle versmading van AfriForum te kenne te gee. Hanlon se reël lui dat 'n mens nie iets aan kwaadwilligheid moet toeskryf as dit genoegsaam deur onnoselheid verklaar kan word nie. Indien jy die EFF en AfriForum ná die ontstellende getuienis in hierdie verhoor steeds as twee kante van dieselfde munt beskou, moet jy verwag dat mense jou beslis as kwaadwillig sal beskou.

Karin Morrow het samevattend opgemerk dat AfriForum se vernaamste "misdaad" in die oë van sy kritici blykbaar die feit is dat dit hoofsaaklik wit en Afrikaans is. Hierdie haatspraakhofsaak het aan alle ordentlike mense 'n gulde geleentheid gebied om Malema en die EFF eenparig te veroordeel as selferkende militante ekstremiste wat haatlike, gewelddadige, rassistiese retoriek verkondig. Dit is tragies dat hierdie geleentheid verspil is deur diegene wat klaarblyklik meer begaan is daaroor om tog net nie in die openbaar gesien te word dat hulle selfs gedeeltelik aan AfriForum se kant is nie, eerder as om die onverdedigbare te verwerp.

Die oorweldigende reaksie op die verwronge, bevooroordeelde anti-AfriForum-meningstukke en mediadekking (of gebrek daaraan) bevestig dat baie mense siek en sat is daarvoor dat AfriForum deurgaans hoofsaaklik deur dieselfde groepie kommentators wanvoorgestel, belaster en beswadder word. Die omvangryke openbare ondersteuning en positiewe terugvoer ná hierdie saak, vanuit alle rasgroepe en gemeenskappe, is geweldig inspirerend. Danksy die steun van goeie, ordentlike mense sal AfriForum voortgaan om vir geregtigheid te veg.



FOTO: MARTHINUS KOEKEMOER

# AfriForum Teater vermag baie in eerste jaar

Deur Marthinus Koekemoer

Dit is ongelooflik om te dink AfriForum Teater in Pretoria is al 'n jaar oud! Dié tuiskomplek vir Afrikaanse kunste se eerste verjaarsdag is tydens die eerste week van Maart in styl gevier met spesiale optredes vir bejaardes van plaaslike aftreeoorde en kinders van skole in die omgewing.

Rocco de Villiers, wat vir die afgetredenes klavier gespeel het, sê dit is 'n uitdaging vir enige teater om 'n bestaan te maak en dat die COVID-19-pandemie dit nóg moeiliker gemaak het. "Ek is baie beïndruk met wat AfriForum Teater in sy eerste jaar vermag het. Die personeel is baie vriendelik en verwelkomend en ek wens die teater alle sukses toe. Hoewel ons nie hier sal wees om oor 'n honderd jaar konserte hier te hou nie, hoop ek die teater sal dan nog goed aan die gang wees."

> **Dit is vir ons regtig lekker om te sien dat daar nog 'n liefde vir teater is ...**

Om die sukses van die teater in syfers uit te druk skets nie die volle prentjie van die bydrae daarvan tot die Afrikaanse taal en die Afrikaanse kunste nie, maar tog kan 'n mens die eerste jaar van die teater se bestaan as niks minder as 'n reusesukses bestempel nie. Meer as 200 vertonings was op die planke waarvoor meer as 17 000 kaartjies verkoop is.

"Wat vir ons lekker is, is dat mense van voor af die kunste hier by die teater kom beleef," sê Carien Bloem, bestuurder by AfriForum Teater. "Dit is vir ons regtig lekker om te sien dat daar nog 'n liefde vir teater is en dat mense steeds teater wil ondersteun. Ons sien baie uit na opwindende produksies wat oor die volgende jaar op ons verhoog gaan wees."




Skakel **012 277 1204** vir besprekings en onthou om te noem dat jy 'n **AfriForum-lid** is.
*Bepalings en voorwaardes geld.*

AfriForum teater

# AfriForum Teater is baie trots en dankbaar om sy eerste verjaarsdag te vier.

Dié teater het inderdaad 'n nuwe tuiste geword vir die Afrikaanse kunste – en die toekoms lyk blink!

Dankie aan elkeen wat hierdie reis sover moontlik gemaak het deur ons te ondersteun en deur die jaar te dra.

**Op nog vele jare meer!**



# Néé vir geld vir Kuba

Deur Alet Rademeyer

Die ANC-regering se aangetrokkenheid tot en vriendskapsbande met kommunistiese Kuba is onlangs herbevestig toe die regering R50 miljoen aan dié land wou skenk om met "voedselsekerheid" te help.

AfriForum bevraagteken hierdie optrede en het hom tot die hof gewend om die skenking te keer. 'n Prokureursbrief is ook aan die Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking (DIRCO) gerig waarin redes vir die skenking geëis is.

AfriForum wil weet waar die geld vandaan kom en hoe dit geregverdig kan word in Suid-Afrika se huidige sosio-ekonomiese konteks.

Die hofaansoek behels 'n dringende interdik wat bekom is (Deel A) en 'n hersieningsaansoek om die besluit om die fondse aan Kuba te skenk om te keer (Deel B).

Die skenking is die jongste skandaal in die berugte onlangse geskiedenis van samewerking tussen die ANC-regering en Kuba. Tydens die COVID-19-pandemie is Kubaanse dokters ten duurste ontplooi, terwyl talle plaaslike mediese werkers steeds werkloos gelaat is. Verder moes R260 miljoen se COVID-19-medikasie, wat op 'n onregmatige wyse deur die Suid-Afrikaanse weermag ingevoer is, na Kuba teruggestuur word. "Die skenking is 'n belediging vir die Suid-Afrikaanse publiek wat finansieel erg deur die pandemie getref is en reeds dekades onder die ANC se wanbestuur en korrupsie ly. Dit wys veral dat die ANC meer oor ideologiese beeldpoetsing as die belange van sy eie burgers omgee," meen Reiner Duvenage, veldtogtebeampte vir strategie en inhoud by AfriForum.

Die VF Plus en die DA meen die skenking is nie net skandalig nie, maar grens aan misdadigheid teen landsburgers, veral diegene wat hulpbehoewend is en nie 'n heenkome het nie.



Kuba gaan gebuk onder talle ekonomiese en maatskaplike probleme.

## Organisasies beteken hofstukke oor nasionale ramptoestand

AfriForum en Solidariteit het onderskeidelik hofstukke in die Noord-Gautengse Hooggeregshof in Pretoria beteken waarin die organisasies die hof versoek om die voortsetting van die huidige ramptoestand ongeldig te verklaar.

AfriForum voer aan daar is tans geen ramp nie en dus geen nut vir 'n ramptoestand nie. Die organisasie het talle regstryde teen onredelike regulasies van stapel gestuur sedert die eerste inperking byna twee jaar gelede aangekondig is, insluitend die afskaffing van regeringskwarantynkampe en ander maatreëls soos die aandklokreël, strandverbod en die verbod op godsdienstige byeenkomste. AfriForum het ook saam met Solidariteit die COVID-19-toerismefonds onwettig laat verklaar. Dié fonds sou finansiële hulp aan ondernemings en persone in die toerismesektor bied gebaseer op hul velkleur.

Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, sê dit is duidelik dat dit nie meer nodig is vir 'n ramptoestand nie. "Die feit dat die ramptoestand herhaaldelik verleng kan word sonder parlementêre goedkeuring is 'n ernstige skending van gesonde demografiese beginsels."

Teen druktyd het die regering nog nie die ramptoestand opgeskort nie.

## Skaf kwarantynkampplanne af

AfriForum het 'n brief aan Nkosazana Dlamini-Zuma, minister van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake, geskryf en geëis dat die nuwe isolasieregulasies wat poog om mense in kwarantynkampe te dwing, geskrap word. Volgens nuwe regulasies wat in die *Staatskoerant* gepubliseer is, mag geen persoon wat deur 'n laboratoriumtoets as COVID-19-positief aangedui word, weier om in 'n gesondheidsfasiliteit opgeneem te word vir isolasie of behandeling nie. Dus sal niemand toegelaat word om tuis te isoleer nie. AfriForum het in Junie 2020 'n oorwinning in die Noord-Gautengse Hooggeregshof in Pretoria behaal toe regter J.W. Louw die organisasie se dringende aansoek toegestaan het om die minister se kwarantynregulasies (wat toe ook selfisolasie verbied het) ongeldig te laat verklaar.



# NGV in huidige formaat sal vernietigend wees

Deur Marthinus Koekemoer

AfriForum en Solidariteit het afsonderlike voorleggings aan die parlementêre portefeuljekomitee vir gesondheid gedoen waarin verskeie redes aangevoer is waarom die voorgestelde Wetsontwerp op Nasionale Gesondheidsversekering (NGV) gedoem is om te misluk.

"Verskeie staatsondernemings, insluitend die Suid-Afrikaanse Lugdiens (SAL), Eskom en Transnet, het reeds onder die ANC-regering gevou of is op die randjie van die afgrond. NGV is op 'n baie groter skaal as hierdie staatsondernemings en die regering het reeds bewys hulle het nie die wil om korrupsie te beëindig nie. Korrupsie sal dié stelsel heeltemal droog tap," sê Reiner Duvenage, veldtogtebeampte vir strategie en inhoud by AfriForum.

AfriForum verwerp NGV in geheel en meen die impakstudie waarop die wetgewing gebaseer is, is vol onwaarhede en onakkurate aannames.

Daarbenewens is 62% van alle COVID-19-noodfondse onregmatig aangewend. Tussen 2014 en 2019 het die land sowat R1,5 triljoen weens korrupsie verloor. "Dis onmoontlik om te bepaal presies hoeveel NGV sal kos en daar is nie fondse beskikbaar om daarvoor te betaal nie," sê Duvenage.

Indien privaat mediese fondse uitgeskakel sou word, sal die staat dié tekort self moet delg.

Solidariteit meen NGV sal noodgedwonge tot hoër belasting vir individue lei. Die vakbond het verlede jaar 'n verslag uitgereik waarin die verhoging van belasting op verskillende inkomstegroepe uiteengesit is sou NGV en die Nasionale Fonds vir Maatskaplike Sekerheid (NFMS) in hul huidige formaat in werking tree.

Volgens dié berekening sal 'n individu wat byvoorbeeld meer as R7 275 en minder as R18 018 per maand verdien, 338,1% meer belasting moet opdok.

"'n Ander groot bekommernis is die potensiële verlies aan opgeleide mediese personeel. Die Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging (SAMV) het reeds in Junie verlede jaar gewaarsku dat soveel as 38% van sy 12 000 lede beplan om te emigreer indien NGV wel ingestel word. 'n Verdere 6% voer ander redes aan waarom hulle wil landuit, terwyl 17% onseker is of hulle dalk ook in die buiteland groener weivelde wil gaan opsoek. Suid-Afrika ondervind reeds 'n tekort aan opgeleide mediese personeel en om nóg 'n klomp van hulle aan die buiteland te verloor moet ten alle koste voorkom word," sê Duvenage.

> **Tussen 2014 en 2019 het die land sowat R1,5 triljoen weens korrupsie verloor.**

Duvenage sê indien die staat die enigste verskaffer van gesondheidsdienste sou word, sal derduisende mense wat tans in die privaat sektor werk hul inkomste verloor.

Hy sê die regering gebruik NGV om stemme onder arm landsburgers te werf wie met reg rede het om te kla oor die huidige swak mediese sorg wat hulle in staatshospitale en die res van die openbare gesondheidsektor ontvang.

"NGV is nie die antwoord nie en sal die totale toegang tot gehalte-mediese sorg verder laat afneem. 'n Alternatief sal wees om die huidige stelsel te hersien en te herstel. Meer privaat mediese fondse moet eerder aangemoedig word as een gesentraliseerde fonds wat makliker geplunder kan word. Die vryemarkstelsel sal ook help om met 'n gedesentraliseerde stelsel die beste koste-effektiewe model vir verbruikers daar te stel," meen Duvenage.

Mediese fondse en die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad (SAMNR) het ook voorleggings gemaak.

Discovery Health, die grootste administrateur van mediese fondse, sê die wetsontwerp skep groot onsekerheid oor die toekomstige rol van mediese fondse. Discovery steun dit dat bydraes tot 'n NGV-fonds verpligtend moet wees, maar mense wat dit kan bekostig moet steeds die keuse hê om privaat dekking te kan koop. Bonitas het aangevoer mediese fondse moet saam met NGV bestaan. Mense moet gesondheidsorg kan koop as hulle kan. Mediese fondse moenie net aanvullende dekking bied soos wat tans voorgestel word nie.





# Vreugde waar gemeenskap stadion begin terugvat

Deur Marthinus Koekemoer

Aan die begin van die jaar het die idee van 'n atletiekbyeenkoms op die vervalle Bob van Reenen-stadion in Krugersdorp so vergesog soos 'n koei op die maan geklink.

Maar die AfriForum-tak in Krugersdorp het met behulp van plaaslike ondernemings, skole en gemeenskapslede die terrein vir ses naweke skoongemaak, gras gesny en rommel verwyder wat dit moontlik gemaak het om op 19 Februarie die eerste atletiekbyeenkoms in bykans 12 jaar hier te hou. "Baie harde werk het hier ingegaan en ons gaan nóg baie hard werk om die stadion tot sy vorige glorie te herstel. Ons wil elke naweek 'n byeenkoms hier hou," sê Martin Lombard, voorsitter van AfriForum se Krugersdorp-tak.

Toe AfriForum en ander helpers die stadion in Januarie begin opknap het, was een kant van die binneveld onder riete toegegroei. Die gras het reeds hoog gestaan en die infrastruktuur was omtrent heeltemal gestroop. Hoewel dit waarskynlik nog geruime tyd sal neem om die infrastruktuur, insluitend die spreiligte en ander elektriese toestelle, aan die gang te kry, lyk die res van die stadion reeds aansienlik beter as 'n jaar gelede. Sowat 150 ton vullis is hier weggery.

> "Baie harde werk het hier ingegaan en ons gaan nóg baie hard werk …

Die stadion sou destyds die tuisveld van die Kaizer Chiefs-sokkerspan geword het, maar nadat dié plan 'n stille dood gesterf het, het die stadion vir jare in onbruik verval. Verskeie berigte het verskyn waarin daar gesê is daar word begroot om die stadion op te knap, maar niks het hiervan gekom nie.

'n Vorige munisipale bestuurder het opdrag gegee om die spreiligte te laat verwyder en ander infrastruktuur het mettertyd "weggeraak".

In 2014/2015 is 'n verdere R314 miljoen begroot om die stadion te herstel. Kleedkamers sou onder meer opgeknap word, maar soos in die verlede het die geld spoorloos verdwyn sonder dat enigiets gebeur het.

Herman Byleveld, hoof van die Laerskool Muldersdrif, het by die eerste onlangse atletiekbyeenkoms gesê: "Ek kan nog onthou hoe ek as kind hier aan byeenkomste deelgeneem het. Die kinders het verskriklik na vandag se byeenkoms uitgesien en dit regtig baie geniet. Ons is dankbaar vir elkeen wat aan hierdie nuwe droom help bou."

Lombard sê AfriForum het nog groot planne vir die stadion. "Ons is in onderhandelings met die munisipaliteit om die bestuur van die stadion namens hulle te behartig. Kinders moet 'n veilige plek hê waar hulle aan sportgeleenthede – hetsy atletiek, rugby, krieket of wat ook al – kan deelneem in plaas daarvan om aan gevare in die strate blootgestel te word."




Atlete het vir die eerste keer in jare op die Bob van Reenen-stadion deelgeneem nadat dit skoongemaak en opgeknap is.

FOTO'S: MARTHINUS KOEKEMOER

# AfriForum bly baklei teen mynplanne by Krugerwildtuin

Deur Alet Rademeyer

Terwyl Manzolwandle Investmets (MI) vasbeslote blyk te wees om vir steenkool aan die suidelike grens van die Nasionale Krugerwildtuin en teenaan Marlothpark te myn, veg AfriForum verbete, binne én buite die hof, hierteen.

MI probeer sedert 2015 sy kleim in die gebied afsteek, maar moes telkemale die aftog blaas voor AfriForum, omgewingsbewustes en inwoners van die gebied.

Volgens Lambert de Klerk, bestuurder van Omgewingsake by AfriForum, het MI se jongste aansoek uit die bloute gekom, veral omdat AfriForum die mynhuis se omgewingskonsultant Singo Consulting in Augustus 2019 van plagiaat aangekla het. Daar is tóé ook aansoek gedoen om 'n steenkoolmyn oor 'n gebied van 18 000 ha digby die wildtuin te begin. In die mynmaatskappy se jongste aansoek wil hulle vir steenkool myn in 'n gebied van ongeveer 87 000 ha naby Komatipoort en die wildtuin.

Die dokumente wat destyds deur Singo Consulting opgestel is, is nutteloos omdat dit glo gekopieer is van 'n ander steenkoolmynaansoek buite Springs.

"Die Departement van Minerale Hulpbronne en Energie het destyds ook die mynaansoek afgekeur, maar MI en Barbara Creecy, minister van Omgewingsake, Bosbou en Visserye, het daarteen geappelleer. Creecy het op haar beurt die aansoek goedgekeur op grond van 'n bedrieglike omgewingsimpakstudie. Creecy is egter in Maart gestuit nadat die hof haar besluit om die aansoek te hersien, tersyde gestel het. Dís 'n oorwinning, maar die stryd is glad nie verby nie," sê De Klerk.

AfriForum se regspan het nou wéér 'n skrywe aan MI gestuur om die organisasie as 'n belanghebbende en geaffekteerde party te registreer, asook om alle inligting rakende hulle aansoek te verskaf. Dié inligting sluit in MI se aansoek om mynregte, sy omgewingsimpakstudie, die omgewingsbestuursprogram, asook die agtergrondverslag van die maatskappy se beoogde bedrywighede.

"Indien daar met hierdie aansoek voortgegaan word en daar word wel in die gebied gemyn, kan dit enorme nadelige en vernietigende gevolge vir die onmiddellike omgewing, die Krokodilrivier en ander waterbronne, natuurreservate, wildlewe, die padnetwerk in Mpumalanga en landbouaktiwiteite inhou. AfriForum sal nie toekyk hoe onwettige mynboubedrywighede die land verwoes nie," sê De Klerk.






Die AfriForum 911-noodknoppietoep

Nou ook beskikbaar op die

Huawei AppGallery.

Ontbied gewapendereaksie- en mediese nooddienste met die druk van 'n knoppie.

www.afriforum911.co.za

AfriForum 911

RESPONSE 24

Beskikbaar op die AppGallery

# Saak wys hoe uitspraak gemeenskappe benadeel

Deur Alet Rademeyer

As dit nie so tragies, frustrerend en finansieel nadelig vir die inwoners van Koster en Swartruggens was nie, sou die uitgerekte hofsake (let wel sake!) tussen hulle, AfriForum en die Kgetlengrivier Plaaslike Munisipaliteit 'n interessante studie in regspleging kon oplewer.

Hierdie is waarskynlik een van die beste voorbeelde in die land waar plaaslike regering op feitlik alle vlakke verval en misluk het en inwoners se hande letterlik afgekap is (en afgekap gehou word!) om dienste aan hulself te lewer. Die regstryd tussen die Kgetlengrivier Besorgde Inwoners (KBI), AfriForum (as vriend van die hof) en die Kgetlengrivier Plaaslike Munisipaliteit sloer nou reeds 'n paar jaar. In kort is die probleem dat die munisipaliteit die riool- en wateraanlegte tot in die grond bestuur het en dat die KBI die hof moes nader om dienste te lewer sodat inwoners toegang tot water kon kry. Regter F.S. Gura het die bevel ten gunste van die KBI en AfriForum toegestaan om die dienste oor te neem en die inwoners het vir 'n ruk lank vir die eerste keer in maande water gehad. Die woedende munisipaliteit het egter op sy beurt én met die steun van die LUR vir Samewerkende Regering en Tradisionele Sake (Cogta) in Noordwes terug hof toe gehardloop om sy pligte en verantwoordelikhede terug te eis. 'n Tweede regter (A.J. Mahlangu) het egter besluit die munisipaliteit kan weer probeer om hul werk te doen.

Sy het ook nie Joseph Mogale, die munisipale bestuurder teen wie ook sake aanhangig gemaak is, skuldig bevind dat hy nie sy werk gedoen het nie. Die applikante het vroeër geëis dat 90 dae tronkstraf aan hom opgelê word omdat hy en die munisipaliteit dieselfde hofbevel geminag het.

In albei gevalle, vir die lewering van dienste aan 'n reeds belastingvoos en waterlose gemeenskap en vir die vastrap van Mogale wat sy pligte ontduik, het die KBI en AfriForum appèlaansoeke gebring wat uiteindelik toegestaan is.

Advv. Gerrie Nel en Phyllis Vorster en Wico Swanepoel van AfriForum se privaatvervolgingseenheid tree namens die KBI op in die aangeleentheid rondom Mogale. "Ons verwelkom die regter se toestaan van verlof tot appèl aangesien ons meen daar 'n sterk saak teen Mogale is. Ons kan nie toelaat dat munisipale amptenare bloot wegkom met die verontagsaming van hofbevele nie," sê Swanepoel, aanklaer by die eenheid.

Johan Kruger, hoof van Gemeenskapsontwikkeling by AfriForum, is positief oor die jongste verwikkelinge en meen dit baan die weg dat die dienstemaatskappy Pionier en die KBI dalk binnekort weer beheer sal kry oor die water- en rioolaanlegte en hierdie dienste na behore sal kan bestuur.

**Wat het intussen gebeur?**

Nege maande nadat die owerheid dienste teruggevat het, was Koster se krane leeg. 'n Humanitêre en omgewingsramp was in Februarie (met ter perse gaan) besig om in Koster af te speel. Inwoners het toe reeds twee weke nie water gehad nie en die munisipaliteit het ook nie water met watertenks aan die sowat 50 000 inwoners beskikbaar gestel nie. Andreas Peens, prokureur van die KBI, het gesê hy het nie enige reaksie van die minister van Water en Sanitasie, die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake of die plaaslike munisipaliteit gekry op sy skrywes nie. Terwyl dié situasie heers wil die munisipaliteit glo nie hulp van inwoners hê om die watervoorsiening te help herstel nie ...

**Wat sê AfriForum?**

Dit is tyd vir gemeenskappe om teen 'n plunderende regering en munisipaliteite op te staan wat belastinggeld ten koste van inwoners se basiese regte steel en vermors. Spontane belastingverset is waarskynlik die regering se voorland.

Daar gaan waarskynlik nie veel van die regering se "distriksontwikkelingsmodel" kom wat mislukte en werkende munisipaliteite wil saamvoeg nie. Dit sal tot groter mislukking lei. Dit gaan ook nie help om nasionale departemente (wat self wanfunksioneel is) opdrag te gee om by sukkelende munisipaliteite in te gryp nie. Instellings soos AfriForum sal intussen voortgaan om druk op munisipaliteite te plaas en die howe te nader, wat hopelik een of ander tyd tot die insig sal kom dat dit beter is om die lewering in die hande van mense te plaas wat kan. Wanneer die howe by dié punt kom, sal hulle ook moet beslis dat belastingbetalers se geld aan diegene moet gaan wat die dienste lewer. Intussen moet gemeenskappe ook self doen wat hulle kan.




Koster is al weer sonder water nadat die munisipaliteit nie die infrastruktuur kan bestuur nie.




**Kontak die sentrale besprekingskantoor vir verdere inligting en besprekings.**

AfriForum

Bepalings en voorwaardes geld.

AfriForum-lede kwalifiseer vir tussen 15%- en 25%-korting met 'n bespreking.

**Tel: 086 101 0347 | E-pos: reservations@dreamresorts.co.za**



**Johan Kruger** van AfriForum, **Hans Pretorius** van die Mafube Besigheidsforum, **Morné Mostert** van AfriForum en **Jacques Jansen van Vuuren,** ook van die Mafube Besigheidsforum.

# AfriForum hoopvol oor hofuitspraak vir Riemland-inwoners

Deur Alet Rademeyer

Uitspraak is voorbehou in die hofsaak van AfriForum en die Mafube Besigheidsforum waarin pres. Cyril Ramaphosa en 16 ander respondente in die Vrystaatse Hooggeregshof in Bloemfontein uitgedaag word in 'n poging om dienslewering by die vrot Mafube Plaaslike Munisipaliteit te herstel.

Dié munisipaliteit bedien Frankfort, Villiers, Tweeling en Cornelia in die Vrystaat en verteenwoordig sowat 60 000 inwoners.

Frankfort, geleë langs die Wilgerivier, was eens 'n juweel in die Riemland wat in 'n stadium vyf jaar agtereenvolgens as die netjiesste dorp in die provinsie aangewys is.

Dit gaan nou soos menige ander dorp in die land gebuk onder totale verval en agteruitgang, selfs al is dit die tuisdorp van Sisi Ntombela, premier van die Vrystaat.

Morné Mostert, bestuurder van Plaaslikeregeringsake by AfriForum, sê talle grondwetlike skendings het die organisasie genoop om hof toe te gaan om die munisipale bestuur, provinsiale én nasionale owerhede tot 'n regsgeding te bind wat dienslewering aan die gemeenskap sal verseker. Die applikante vra dat die munisipaliteit moet ontbind en dat die nasionale regering by die gemors moet ingryp en gereeld terugvoering moet gee oor vordering in dié verband. Voorts vra die applikante ook dat die nasionale regering die administrasie en dienslewering tydelik moet oorneem totdat bewys gelewer

> **"Die munisipaliteit is bankrot en daar bestaan nie iets soos finansiële bestuur of verslagdoening nie.**



Die onwettige vullisterrein buite Frankfort is 'n gesondheidsrisiko vir mens en dier.

FOTO'S: MARTHINUS KOEKEMOER

is dat dienslewering herstel is.

"Die dorp gaan onder talle probleme gebuk, waaronder 'n onwettige vullisterrein wat die afgelope tien jaar net vererger het, geen vullisverwydering, slaggate, gereelde watertekorte, rioleringsprobleme, korrupsie en wanbestuur in die munisipaliteit, asook ANC-kaders wat nie hul verantwoordelikhede nakom nie," verduidelik Jacques Jansen van Vuuren, skakelbeampte van die Mafube Besigheidsforum.

Daarbenewens het inwoners in Frankfort vyf jaar gelede enige munisipale rekeninge ontvang. Feitlik niemand betaal belasting nie. Die invordering van geld deur die munisipaliteit is slegs sowat 8%. Die munisipaliteit is bankrot en daar bestaan nie iets soos finansiële bestuur of verslagdoening nie. Die ouditeur-generaal (OG) se verslae skets 'n verdoemende prentjie. Die balju het ook reeds beslag op die roerende bates van die munisipaliteit gelê en om alles te kroon, moes die provinsiale regering ook al in 'n stadium ingryp om te verseker dat munisipale werkers salarisse kry. Tydens die pandemie het die munisipaliteit sy COVID-19-toelae gebruik om salarisse te betaal in plaas van om waterinfrastruktuur te herstel.


Water loop uit lekkende krane in Frankfort se strate.

"Die inwoners van Frankfort is kwaad en keelvol vir ANC-kaders en -amptenare by die munisipaliteit. Ons hoop van harte dat die hof in ons guns sal beslis, want dinge kan nie aangaan soos nou nie," sê Hans Pretorius, bestuurder vir water en dienste by die Mafube Besigheidsforum.

Bel iemand wat jy kan vertrou.
#DieNommerOmTeHou 0861 28 26 21
AVBOB-lede geniet ALTYD die voordeel
As 'n AVBOB-lid kan jy vir GRATIS begrafnisvoordele*, ter waarde van *tot en met* R17 500 van AVBOB Begrafnisdiens, kwalifiseer:
'n GRATIS begrafnis ter waarde van R12 500, wat die begrafnisreëlings, 'n gespesifiseerde kis en lykwa insluit
'n R2 500 onmiddellike kontantvoordeel vir aanvanklike uitgawes
GRATIS vervoer van die oorledene binne die grense van Suid-Afrika
EN gemoedsrus wanneer jy dit die nodigste het.
www.AVBOB.co.za
*Bepalings en voorwaardes geld. GRATIS begrafnisvoordele is slegs van toepassing indien AVBOB Begrafnisdiens die begrafnis onderneem. FDV 20565.
NFDA ASISA A MEMBER OF THE ASSOCIATION FOR SAVINGS & INVESTMENT SA
top EMPLOYER SOUTH AFRICA 2022 CERTIFIED EXCELLENCE IN EMPLOYEE CONDITIONS
AVBOB
ONDERLINGE GENOOTSKAP

# Samewerkingsooreenkoms kan gemeenskappe help om te floreer

Deur Alet Rademeyer



FOTO'S: MARTHINUS KOEKEMOER

**Kallie Kriel**, **Flip Buys**, **Barend Uys**, **iNkosi Zwelothando Mabandla** en **Thembela Mabandla-Lingani**.

AfriForum en die kantoor van iNkosi Zwelothando Mabandla het onlangs 'n historiese ooreenkoms vir wedersydse erkenning en samewerking onderteken. iNkosi Zwelothando Mabandla is die iNkosi van die AmaBhele kaJamangile-tradisionele gemeenskap.

Die formalisering van die ooreenkoms volg nadat die burgerregteorganisasie en die kantoor van iNkosi Zwelothando Mabandla in Desember 2021 tydens 'n vergadering by Mqokolweni Groot Plek naby Maclear (Nqanqarhu) in die Oos-Kaap ooreengekom het om op die gebied van landbou-ontwikkeling saam te werk en 'n erkenning-en-samewerkingsooreenkoms te vestig.

Die doel van die ooreenkoms is om 'n blywende verhouding te vestig en te handhaaf om ekonomiese, maatskaplike en kulturele ontwikkeling te bevorder. Dit kan onder meer samewerking op die gebied van landbou-ontwikkeling; die bevordering van interkulturele versoening en dialoog; die bevordering van gemeenskappe wat selfvoorsienend is en hulle self bestuur; die bewaring en beveiliging van kulturele identiteit en erfenis; die bevordering van moedertaalonderrig; en die beskerming van eiendomsreg insluit.

"Ons kan uit die geskiedenis leer dat daar goeie verhoudings tussen verskillende kultuurgemeenskappe was en dat sulke verhoudings 'n voorvereiste vir langtermynvoorspoed is. Ons gedeelde waardes, soos Christenskap, wedersydse erkenning en respek, maak samewerking vir die toekoms moontlik," sê Barend Uys, hoof van Interkulturele Samewerking by AfriForum.

Flip Buys, voorsitter van die Solidariteit Beweging, sê Suid-Afrika is 'n land met verskeie kulturele gemeenskappe. "Ons is eintlik 'n gemeenskap van gemeenskappe. Die verskeidenheid word ook in die Grondwet erken en daarom is dit belangrik dat kulturele gemeenskappe ook hul eie instellings moet hê. Ons kan nie vir die regering of die res van die wêreld wag om al die probleme op te los, ons mense te ontwikkel of armoede te pak nie. As ons saamwerk, is dit makliker om ons probleme op te los en internasionale steun te kry."

iNkosazana Thembela Mabandla-Lingani, privaat sekretaris van iNkosi Zwelothando Mabandla, sê die outeurs van die Suid-Afrikaanse demokrasie en die gemeenskap se voorouers sal glimlag oor vandag se ooreenkoms. "Ons kan nie die verlede ontken nie, maar ons begin vandag skryf aan 'n nuwe hoofstuk en narratief. Die koning het ná COVID tot die besef gekom dat die rol en relevansie van tradisionele leiers herdink moet word. Ons wil toesien dat ons gemeenskap selfvoorsienend en vooruitstrewend moet wees. Die trust wat hiervoor gestig is, gaan fokus op geleenthede om ons mense, landbou en lewensgehalte te verbeter."

Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, sê Afrikaners moet besef dat ons nie in isolasie aan die suidpunt van Afrika is nie.

"Ons deel die land met baie kulturele gemeenskappe, waarvan baie ook Christene is en trots op hul taal, erfenis en kultuur is. Ons kan saamwerk omdat ons 'n beter toekoms vir ons kinders en hulle kinders wil help bou."



**"Ons gedeelde waardes, soos Christenskap, wedersydse erkenning en respek, maak samewerking vir die toekoms moontlik.**



**"Ons kan nie die verlede ontken nie, maar ons begin vandag skryf aan 'n nuwe hoofstuk en narratief.**



**"Ons kan saamwerk omdat ons 'n beter toekoms vir ons kinders en hulle kinders wil help bou.**

# Kies "Afrikaner"-opsie op sensusvorm


AfriForum en die amaNdebele-belangegroep Vulamehlo Kusile Organisasie (VUKO) het gemeenskappe aangemoedig om aan die 2022-sensus deel te neem en hul huistaal en kulturele identiteit pleks van ras aan te dui.

Bogenoemde organisasies het gemeenskapslede aangemoedig om nie die vooraf gespesifiseerde raskategorie te kies nie, maar om die "ander"-opsie te kies en die kultuurgroep waaraan hulle behoort aan te dui soos byvoorbeeld "Afrikaner".

"Ons moet van 'n rasgebaseerde narratief en samelewing wegbeweeg. Die werklikheid in Suid-Afrika is dat daar baie verskillende kultuurgroepe is. Deur ras te gebruik is nie net fundamenteel verkeerd nie, maar dit skets ook 'n onakkurate prentjie van die komplekse werklikheid op voetsoolvlak. Hoe kan ons steeds verwag dat mense hulself in rasgroepe moet klassifiseer as rasseklassifikasie afgeskaf is," sê Barend Uys, AfriForum se hoof van Interkulturele Samewerking.

Elias Mahlangu, sekretaris van VUKO, sê amaNdebele is gedurig in 'n geveg om nie soos tweedeklasburgers in hul land van geboorte behandel te word nie. "IsiNdebele ontvang nie die respek en verteenwoordiging wat dit in die openbare uitsaaiwese en by opvoedingsinstellings verdien nie. Gemeenskappe kan daartoe bydra dat hul inherente waardigheid gerespekteer en beskerm word deur hul huistaal en kulturele identiteit eerder as ras tydens vanjaar se sensusopname korrek aan te dui."

Alana Bailey, hoof van Kultuursake by AfriForum, meen dit is belangrik dat gemeenskappe aan die sensus deelneem en hul huistaal korrek aandui. "Sensusinligting het 'n impak op departemente en instellings se taalbeleid – verkeerde inligting sal 'n direkte impak op 'n taalgroep en moontlike litigasie hê indien diskriminasie plaasvind. Dit is in die belang van geletterdheid en onderrig om te verseker dat kinders vir so lank as moontlik toegang tot moedertaalonderrig het en korrekte sensusinligting sal die nodige ondersteuning bied vir enige eise in dié verband."









# Entrepreneurs met Afrikaanse ondernemings met Tinteltong Toekennings vereer

Deur Alet Rademeyer

Entrepreneurs wat daarvan hou om in hul moedertaal handel te dryf én wie se ondernemings name het wat al te lekker op die tong val, is onlangs by AfriForum Teater in Pretoria met AfriForum Sakenetwerk se Tinteltong Toekennings vereer.

Dié spoggeleentheid is op Internasionale Moedertaaldag gehou, wat jaarliks op 21 Februarie gevier word.

Volgens Sanderien van der Walt, bestuurder van AfriForum Sakenetwerk, is die toekennings van stapel gestuur om ondernemings te beloon wat Afrikaans is en hul dienste in Afrikaans bied.

Sowat 30% van die Suid-Afrikaanse mark is Afrikaans en meer ondernemings moet besef wat die waarde, ook ekonomies, van Afrikaans is.

Karien Brits, 'n taalpraktisyn by Akademia, sê taal bepaal ook ekonomiese sukses. "Taal laat mense veilig voel en daarom is baie Afrikaanssprekendes meer gemaklik om te koop daar waar hulle in hul taal gehelp word. Dit mag vir ondernemings 'n bietjie duurder wees om in 'n spesifieke taal soos Afrikaans sake te doen, maar uiteindelik is dit 'n belegging en bereik jy baie meer as jy met jou teikenmark in hul taal kommunikeer.

"Ondernemings moet onthou dat hulle nie in isolasie funksioneer nie, maar deel is van 'n gemeenskap. Afrikaans het 'n ryk geskiedenis en noue verbintenis met sy gemeenskap. Dink maar aan hoeveel skole, kerke, instellings, maatskappye en baie ander monumente in Afrikaans én met koeksisterverkope gebou is. Nes die koeksister is taal vervleg en word gemeenskappe daardeur gebou."

Daar was vanjaar 11 kategorieë waarvoor entrepreneurs kon inskryf en waarvoor die publiek uiteindelik gestem het. 'n Kategorie vir ondernemings in die buiteland is ook vanjaar vir die eerste keer aangebied.

Die wenners is dit almal eens dat hulle trots en geëerd voel om met 'n Tinteltong Toekenning vereer te word en dat dit hulle aanspoor om in hul hartstaal te bly werk.

## DIE WENNERS IN DIE ONDERSKEIE KATEGORIEË IS:


- **Kreatiefste Afrikaanse handelsnaam:** Kuif en Baard
- **Trippeltoontjies – produk of diens wat op kinders of babas gemik is:** Hommelbytjies
- **Eet in Afrikaans:** Koekies en Klitsers
- **Handelsmerke wat Afrikaans praat:** Jou Plaas Deli
- **Eg Afrikaanse produkte:** Vannie Kaap
- **Stories, uitgewers en bloggers:** LAPA Uitgewers
- **Handgemaakte produkte en dienste wat Afrikaans praat:** Deur die Blare
- **Brou- en stookboetiek – drink alkohol en koffie in Afrikaans:** Koffie Kapitaal
- **Eksieperfeksie – Leerprodukte wat Afrikaans praat:** Plaasmeisie
- **Eksieperfeksie – Naaldwerk wat Afrikaans praat:** Liewe Lente
- **Wêreldwyd – Afrikaanse ondernemings in die buiteland (twee toekennings):** Boekwurm.com.au en Michelle se Kombuis (Namibië)



**Annelise de Vries**, een van die gassprekers.



**Sanderien van der Walt** saam met **Marietjie Cilliers** van Koffie Kapitaal.




Liewe Lente was van dié wat weggestap het met 'n Tinteltong Toekenning.



**Caroline Grace** het die gaste vermaak.



**Sanderien van der Walt**, bestuurder van AfriForum Sakenetwerk en **Su-an Müller Marais**, die seremoniemeester.

**FOTO'S: OKEY DEER**

# Toekennings vir Afrikaanse **ondernemings** in die buiteland

Deur Sue-Ann de Wet




FOTO: PHILIP ROBINSON

**Kallie Kriel** saam met **Sandri Olivier**, eienaar van die Namibiese tak van Michelle se Kombuis, en **Sue-Ann de Wet**.

Afrikaans kook letterlik én figuurlik in die buiteland en ondernemings hier se passie vir enigiets Afrikaans is vanjaar vir die eerste keer as deel van AfriForum Sakenetwerk se jaarlikse Tinteltong Toekennings vereer.

Dié toekenningsgeleentheid, wat jaarliks as deel van Internasionale Moedertaaldagvieringe aangebied word, is in Februarie reeds vir die sewende agtereenvolgende jaar gehou. Hierdie jaar het die toekennings, na aanleiding van die samewerking met AfriForum Wêreldwyd, 'n internasionale element bygekry en buitelandse ondernemings is in twee nuwe kategorieë van dié toekennings vereer.

Volgens Sue-Ann de Wet, AfriForum se hoof van Diaspora, is die erkenning van innoverende Afrikaanse ondernemings in die buiteland noodsaaklik. "Dit is vir ons belangrik dat Afrikaans bevorder en lewendig gehou word in die buiteland. Ons wil graag erkenning en gratis bemarking gee aan Afrikaanse ondernemings en diensverskaffers op AfriForum Wêreldwyd se netwerk."

Hoewel daar oorspronklik slegs een toekenning in die internasionale kategorie beoog is, was die terugvoer só positief en oorweldigend dat die organiseerders besluit het om eerder twee afsonderlike toekennings aan buitelandse ondernemings te maak. Nagenoeg 2 500 stemme is in die internasionale kategorie ontvang en op 23 Februarie 2022 is die wenners in dié nuwe afdelings (naamlik "Afrikaans in die buiteland" en "Trooskos in die buiteland") aangewys.

## Afrikaans in die buiteland

In dié kategorie het die Australiese onderneming Boekwurm gewen. Dit is 'n aanlyn Afrikaanse boekwinkel wat verspreiding oor die hele Australië doen. Die onderneming fokus op die verkope van Afrikaanse kinderboeke, resepteboeke, Bybels en Bybelstudiemateriaal vir gesinne – kortom, boeke wat nie juis met digitale alternatiewe vervang kan word nie. Dit is vir sowel gesinne in Australië as familielede en vriende in Suid-Afrika 'n fantastiese, vinnige en gerieflike manier om hul ekspatkinders in Australië te bederf.

"Ek wil help om mense in Australië opgewonde te hou oor Afrikaans as moderne, dinamiese wêreldtaal. Met die 2016-sensus was daar al meer as 40 000 Afrikaanse huistaalsprekers in Australië. Dit sou waarskynlik sedertdien met immigrasie toegeneem het, maar die realiteit is dat die volgende generasie die Afrikaanse taal maklik kan verloor as ouers nie fokus op tweetaligheid en doelgerigte Afrikaanse gesprekvoering nie," meen Jeannie van Zyl, eienaar van Boekwurm.

Boekwurm deel ook gereeld op sosiale media Afrikaanse leermateriaal oor die taal en kultuur, asook inligting oor Afrikaanse liedjies, woordeskat, doendinge, versies, geskiedenisbrokkies, tweetaligheid en algemene leerstof in Afrikaans.

## Trooskos in die buiteland

Michelle se Kombuis (Namibië) is die waardige wenner in dié kategorie. Dié onderneming maak gevriesde geregte, ingelegde produkte en lekkernye. Die gevriesde geregte kan in 'n japtrap voorberei word en is ideaal vir studente en selfs bejaardes.

Sandri Olivier, eienaar van die Namibiese tak van Michelle se Kombuis, lewer weekliks in Windhoek af, maar versprei ook oor die hele Namibië. "Michelle se Kombuis het ontstaan weens die droogtes op ons plase en die blote feit dat ons as boervrouens ons mans finansieel moes bystaan. Jy kan enige iemand vra en hulle sal sê dat dit skrikwekkend is om 'n nuwe onderneming te begin, maar ek glo die liefde wat ons elke dag ingesit het en die feit dat ons in daardie stadium nie 'n ander uitweg gehad het nie, het in minder as twee jaar na ons suksesverhaal gelei."

Olivier het oorspronklik haar tweelingsuster Michelle Britz bygestaan met idees en resepte vir die Suid-Afrikaanse tak van Michelle se Kombuis.

## AfriForum Wêreldwyd

In 2003 is die Kom Huis Toe-veldtog van stapel gestuur om mense by te staan wat Suid-Afrika verlaat het, maar weer wou terugkeer. Dit was 'n gesamentlike projek van die destydse Maatskappy vir Immigrasie (MVI) en die vakbond Solidariteit. In 2005 het die MVI met die nuutgestigte AfriForum saamgesmelt. Soos AfriForum gegroei het, het die veldtog ook verander in veel meer as 'n hulpdiens vir remigrante. Dit het die omvattende platform geword waardeur kontak gehou word met elke Suid-Afrikaner wat tans in die buiteland woon, maar steeds in voeling met sy of haar geboorteland wil bly. Ná byna 20 jaar pas ons Wêreldwyd se naam aan na AfriForum Wêreldwyd – dieselfde kuierplek met dieselfde doelstellings en aanslag, maar onder die sambreel van Wêreldwyd se ouerorganisasie AfriForum. Besoek sommer vandag nog een van die sosialemediakanale, die webtuiste of teken in op die tweeweeklikse nuusbrief *Kollig* om saam te kuier oor die grense heen!

# GHA stel 17de *Stemme uit die Suiderland* in Pretoria bekend

Die geskiedenis word deur doeners geskryf. Hulle is nie slagoffers van die geskiedenis nie. Die feit dat die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans (GHA) in 1994 tot stand gekom het toe baie mense onseker oor die toekoms van die land was, is treffend en simbolies van doeners.


Só het Kallie Kriel, erelid van die GHA, onlangs tydens die genootskap se 28ste verjaarsdagvieringe gesê. "Die GHA het in onsekere tye besluit om die toekoms in hul eie hande te neem en as doeners 'n organisasie tot stand gebring wat Afrikaans prakties bevorder. Ons moet as doeners die uitdagings van die lewe met hoop en vertroue in ons eie toekoms aanpak."

Nagenoeg 220 gaste het dié spoggeleentheid, wat vanjaar by AfriForum Teater gehou is, bygewoon waartydens digters jaarliks van reg oor die land saamtrek. Die wenners van die jaarlikse digkompetisie is bekroon en die nuwe digbundel *Stemme uit die Suiderland XVI* is ook bekendgestel. Meer as 400 nuwe Afrikaanse gedigte deur 125 digters en aspirantdigters verskyn in dié bundel.

Die digter Pieter Bruwer van Edmonton, Kanada is as algehele wenner aangewys met sy gedigte "O, Seuns van die Suide", "Wie sal?" en "Staan op". Karlie Lubbe van Piet Retief is die naaswenner met haar gedigte "Naamloos" en "Plaaskind".

Volgens André Alkema, voorsitter van die GHA, kan die digkompetisie as die grootste Afrikaanse digkompetisie in die wêreld beskryf word.

> **Die GHA het in onsekere tye besluit om die toekoms in hul eie hande te neem en as doeners 'n organisasie tot stand gebring.**



Die GHA se jongste digbundel.


**André Alkema**, voorsitter van die GHA, saam met **Jaap Versfeld**.

## Wen groot met 2022-digkompetisie

Die GHA se 18de digkompetisie, met 'n totale prysgeld van R18 000 en 'n verskeidenheid van 13 afdelings/temas, sluit op 31 Augustus 2022. Enigiemand met taalvaardigheid word uitgenooi om daarvoor in te skryf.

### VOLGENS ALKEMA IS POËSIE OM DIE VOLGENDE REDES BELANGRIK:

- **Dit bevorder by uitstek woordkuns en taal.**
- **Dit het terapeutiese waarde, nie alleen in die verwerking van trauma nie, maar ook met ander lewenskwessies soos versoening, ballingskap en verandering.**
- **Dit is 'n medium tot protes en verset teen politieke en sosiale werklikheid.**
- **Dit speel 'n belangrike sosiale rol op die verhoog en in teater.**

Besoek **www.afrikaans.org.za** vir meer inligting oor die kompetisie.



De Goede Hoop:
Jou huis weg van die huis
Christelike waardes
Passievol Afrikaans
Trotse tradisies
Huis-komitee
2022
DE GOEDE HOOP
Kwaliteit studenteverblyf
Afrikaanse studentekoshuis
Burnettstraat,
Hatfield in Pretoria
Vir meer inligting
sms jou naam na 45114 (R1)
of besoek
www.degoedehoop.co.za


Bernard Pieters
Barend Uys
FOTO'S: MARTHINUS KOEKEMOER

# Jeug het groot rol in AfriForum en land se toekoms te speel

Deur Marthinus Koekemoer

Die jeug het 'n baie belangrike rol om in AfriForum en die land se toekoms te speel. Dít was die kragtige boodskap wat onlangs tydens die organisasie se jeugkongres in Pretoria uitgedra is. Sowat 80 jeugverteenwoordigers van reg oor die land het die kongres bygewoon.

'n Kernvraag wat bespreek is, is hoe die jeug die onsekere toekoms tegemoet moet gaan.

Alana Bailey, AfriForum se hoof van Kultuursake, het dié netelige kwessie opgesom in die woorde van Franklin D. Roosevelt, naamlik dat daar nie noodwendig 'n toekoms vir die jeug gebou kan word nie, maar dat ons die jeug vir die toekoms kan bou.

Bailey sê 'n lewenslange leerkultuur moet by die jeug gekweek word. "'n Mens moet jou avontuurlus behou en waagmoed binne grense hê, terwyl dit alles in jou geloof, taal en kultuur geanker moet wees. Dis belangrik om 'n opinie te hê, maar jy moet ook weet hoekom jy daardie opinie het en jy moet dit kan verdedig. Neem verantwoordelikheid vir wat belangrik is, anders gaan iemand anders vir jou besluite neem."


Flip Buys

> Ons moet bewaar, verbeter en aangee. Die reis na die toekoms begin in die verlede.

Sy sê ook daar is niks daarmee verkeerd om te huil as jy platgeslaan word nie, maar jy móét weer opstaan. Voorts het sy beklemtoon hoe belangrik dit vir Afrikaners is om saam te staan.

Flip Buys, voorsitter van die Solidariteit Beweging, het in sy toespraak beklemtoon hoe belangrik dit vir die jeug én ouer persone is om te bewaar wat hulle gekry het. "Edmund Burke het verwys na die verbond tussen geslagte. Ons moet bewaar, verbeter en aangee. Die reis na die toekoms begin in die verlede."

Hy het verskeie ander skrywers aangehaal om die boodskap oor te dra dat elke generasie dink hulle weet meer en beter as die een wat voor hulle gekom het. Maar dit bly wys om uit die lesse van die verlede te leer.

Buys het opvoeding en opleiding ook beklemtoon en gesê: "Opleiding gee jou 'n werk, 'n opvoeding, 'n loopbaan én 'n snelweg ..."

Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, sê AfriForum Jeug is 'n voedingsbron vir die toekoms en 'n lekker ruimte vir jong Afrikaners om bymekaar te kom. "Ons moet heeltyd vernuwend dink. Die demografie waarin ons onsself bevind, bepaal die plan wat ons moet gebruik."

Kriel sê AfriForum moet sy planne versnel soos wat staatsverval al hoe verder en vinniger uitbrei. "Ons is ten gunste van federalisme waar elke gebied 'n groter sê moet hê oor hul eie sake en oor hoe hul belastinggeld aangewend word. Sentralisme is die wortel van alle kwaad."

Barend Uys, hoof van Interkulturele Samewerking by AfriForum, het gesê die beginsel van selfdoen is belangrik, maar ons moet ook weet dat ons dit nie alleen kan doen nie. Hy het verwys na verskeie kere uit die verlede waar Afrikaners saam met ander gemeenskappe gewerk het en hoe dít vandag steeds nodig is vir Afrikaners om vry, veilig en voorspoedig aan die suidpunt van Afrika te leef.

"Die Afrikaner se werklikheid en uitdagings is tweeledig in die sin dat ons verspreid en tussen ander gemeenskappe woon. Ons moet dus vriende maak om toekomstige konflik te vermy om sodoende 'n veilige en vreedsame naasbestaan te verseker, want ons kan dit nie op ons eie doen nie. Wedersydse erkenning en respek is belangrik. Ons moet ook selfstandigheid bevorder eerder as om van die staat afhanklik te wees."

Kriel het AfriForum se standpunt saamgevat deur te sê: "Ons is idealisties en optimisties en ons gaan nie die ANC-regering vir toestemming vra nie, ons gaan net ons planne uitvoer."


Alana Bailey

# Dít is waarom jongmense by gemeenskappe betrokke raak


**Henno Nel** en lede van die jeugtak in Bothaville bring hul kant om hul dorp skoon te maak.

Deur Henno Nel

Ag nee wat, dit is net nóg werk! Dit is die antwoord wat enige skeptiese volwassene van hedendaagse jongmense verwag as hulle die jongklomp vra om 'n verskil in hul gemeenskap te maak deur byvoorbeeld met 'n skoonmaakprojek te help, min wetende dat dit nie die geval is nie.

Jongmense soos ons kies om by projekte in ons dorpe betrokke te raak en ons leierskapsvaardighede uit te bou omdat ons besef hoe belangrik dit is om 'n verskil te maak. Want as ons nie gaan nie, wie anders gaan?

As jongmense by projekte in hul onderskeie gemeenskappe betrokke raak, leer hulle om self eienaarskap van hul toekoms te neem en dit nie in die hande – met baie lang vingers – van die staat te los nie. Die beste manier hoe ons dít kan doen is deur hande te vat en self 'n verskil te maak.

Deur by projekte betrokke te raak werk jy saam met ander mense wat min of meer dieselfde uitkyk op die lewe het. Deur sulke projekte aan te pak, word nuwe vriendskappe ook gesmee.

Boonop het navorsing al getoon dat vrywilligerswerk tieners help om nuwe vaardighede aan te leer wat nodig is vir die arbeidsmark, waaronder leierskap, kommunikasievaardighede, betroubaarheid, tydbestuur en besluitneming. Tieners wat vrywilligersdiens verrig, presteer ook gemiddeld beter op skool en dit help om 'n beter CV vir universiteit- en beursaansoeke saam te stel.

Deur by projekte in jou gemeenskap betrokke te raak, skep ook 'n gevoel van trots. Jy voel trots ná 'n skoonmaakprojek, jy voel meer trots op jou dorp ook. As jy byvoorbeeld sien hoe skoon dit lyk nadat jy rommel opgetel het, sukkel jy ook aansienlik meer om stil te bly indien jy iemand anders sien rommel strooi.

Ek is positief oor die jeug se toekoms. Ek sien dit as 'n hindernisbaan, met hier en daar 'n paar donker wolke wat darem ook silwer en goue randjies het. Dit hang af hoe 'n mens daarna kyk. As 'n mens na die goue en silwer randjies kyk, moet jy jou kop lig om ook na Bo te kyk.

Ek glo as jong Afrikaners is dit baie belangrik dat ons nie met tonnelvisie deur die lewe gaan nie.

Ons sal baie hard moet werk, maar die belangrikste van alles is dat ons aan ons Christelike en kulturele waardes getrou moet bly.






# Op en wakker buurtwagte beveilig gemeenskappe

Deur Jhua-Nine Wyrley-Birch

AfriForum se 164 buurtwagte het sedert die begin van die jaar behoorlik gewoel en gewerskaf. Danksy hul optrede is verskeie misdadigers gestuit of aangekeer. Hier is van die deurbrake wat gemaak is.

- **Danksy vinnige optrede het die Alfa-buurtwag, wat deel vorm van die Overstrand-tak, gehelp om 'n verdagte vas te trek nadat hy klaarblyklik twee stappers in Onrus aangeval het, asook by 'n huisroof betrokke was.**
- **Die AfriForum-buurtwag in Standerton het tydens 'n sigbaarheidspatrollie 'n motoris wat vermoedelik onder die invloed van drank was, in hegtenis geneem.**
- **Stilfontein het 'n veiliger feesseisoen agter die rug danksy 37 aktiewe patrollielede wat die gemeenskap veilig gehou het deur 103 patrollies te ry en nagenoeg 4 000 km af te lê. Hulp is by 11 ongelukstonele en vyf huisbrake gebied, koperkabeldiewe is gearresteer en die OTM in die middedorp is beveilig.**
- **'n Vermeende voertuigdief wat met 'n panga bewapen was, is deur die Kaapstad-Noord-tak in die Bellville-omgewing vasgetrek. Die SAPD het met hul aankoms die verdagte ontwapen en in hegtenis geneem.**
- **Die AfriForum-tak en -buurtwag in Ellisras is nuwe brandbestrydingstoerusting ryker danksy befondsing deur taklede se vrywillige maandelikse bydraes.**
- **AfriForum het gehelp om die SAPD in Kamieskroon se droom te bewaarheid om 'n traumakamer by hul stasie te hê. Dié kamer sal deur SAPD-lede en lede van die plaaslike GPF gebruik word.**
- **Stellenbosch se nuwe AfriForum-buurtwag het saam met die omliggende AfriForum-strukture hul eerste oefenpatrollie gehou.**
- **Potchefstroom se buurtwag, wat sowat 200 lede sterk is, asook die Klerksdorp-buurtwag het met groot opwinding hul eie hommeltuie aangekoop om misdaad te help bekamp.**



- **Die AfriForum-buurtwag in die Strand het 'n suksesvolle massa-patrollie in samewerking met ander veiligheidsrolspelers in die omgewing aangepak en verskeie voorvalle is suksesvol hanteer.**
- **Die Springs-tak het 2022 behoorlik by die horings gepak en reeds talle projekte suksesvol afgehandel, insluitend om brande te help blus, te reageer op huisbrake en hulp te verleen op ongelukstonele.**
- **Danksy die Brits-buurtwag se flink optrede is altesaam 12 arrestasies in 'n maand gemaak.**
- **Patrolleerders van die Bloemfontein-buurtwagte in Fichardtpark en Wilgehof het Stop the Bleed-opleiding by Critical Training Concepts ontvang. Hierdie opleiding is 'n groot behoefte onder AfriForum-buurtwagte omdat buurtwagpatrolleerders daagliks met ongelukke en traumaverwante voorvalle gekonfronteer word.**
- **AfriForum-buurtwagte reg oor Mpumalanga het gehelp om 'n vermiste 68-jarige man op te spoor.**
- **Die Ventersdorp-buurtwag het onlangs onder meer gehelp om 'n gesteelde voertuig terug te vind.**
- **In Hartbeespoort het die buurtwag ingespring en die gras by die substasies met 'n trekker en bossiekappers gesny in 'n poging om kabeldiefstal te voorkom.**
- **Danksy kameramonitering het die Wes-Moot-tak onlangs gehelp om twee verdagtes vas te trek.**



**Leo Prinsloo** bied skietopleiding aan AfriForum-taklede in die Bo-Karoo.

## SA se eie Chuck Norris help met skietopleiding

AfriForum-takke in die Bo-Karoo het skietopleiding ontvang wat deur Leo Prinsloo aangebied is. Prinsloo het verlede jaar die land se verbeelding aangegryp toe hy agter die stuur van 'n koeëlvaste Toyota Land Cruiser was wat 'n vragvoertuig met selfone op die N4-snelweg buite Pretoria begelei het. Hy het kopgehou toe rowers tydens die transitorooftog op hom en sy kollega geskiet het. Inwoners van Orania, Modderrivier, Kimberley, Douglas en De Aar het aan die opleiding deelgeneem. "Dit is vir ons belangrik dat veral vroue en kinders in die streek hulself vertroud maak met die hantering en gebruik van vuurwapens sodat hulle hulself kan verdedig in tye van nood," sê Magdaleen Kleynhans, voorsitter van AfriForum se Bo-Karoo-tak.

# ONS WINKEL



## Die Ons Winkels is Solidariteit Helpende Hand se tweedehandse-skenkingswinkels.

Die meer as

**110**

Ons Winkels is landwyd 'n baken van hoop in gemeenskappe.

**Skenk enige van die volgende items aan jou naaste Ons Winkel:**

- Sporttoerusting
- Meubels
- Kombuisware
- Elektriese toebehore
- Linne
- Klere
- Enigeiets wat in jou pad staan

Ons sit hierdie ware in kontant om en stig dan met die wins studiefondse vir behoeftige kinders of wend dit aan om armoede in die gemeenskap te verlig.

**Kyk op ons webtuiste waar jou naaste Ons Winkel is.**

**WWW.ONSWINKEL.CO.ZA**

# AfriForum-takke slag

Deur Jhua-Nine Wyrley-Birch

## Swaar reën, verspoelings en swak infrastruktuur het AfriForum se takke vanjaar reeds bedrywig in hul onderskeie dorpe gehou.

Takke in Ventersdorp, Piet Retief, Klerksdorp, Bethal, Stilfontein, Parys, Benoni, Bloemfontein, Wolmaransstad en Klerksdorp het ingespring om paaie te herstel.

- **In Klerksdorp is 360 sakke teer al vanjaar gebruik om meer as 100 slaggate op te vul en in Benoni is 60 sakke gebruik. Stilfontein het reeds 461 slaggate opgevul en Parys se tak is al deur 1,6 ton teer om slaggate vanjaar op te vul. Die AfriForum-tak in Wolmaransstad het al sowat 130 sakke teer gebruik.**
- **Bethal se tak het 200 sakke teer, wat deur die gemeenskap geborg is, gebruik om slaggate rondom laerskole op te vul, terwyl sowat 24 sakke nodig was om 'n reuseslaggat in Malherbestraat op te vul.**

## Talle takke fokus vanjaar ook op erfenisbewaring.

- **Danie Knoetze, 'n inwoner van Heilbron, het AfriForum, die FAK en die Erfenisstigting ingelig oor die konsentrasiekampgrafte in die Heilbron-begraafplaas wat met water bedek was. Dit blyk dat die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit mense lukraak rondom die konsentrasiekampgrafte begrawe en hierdie nuwe grafte vorm 'n wal wat veroorsaak dat die water nie kan uitvloei nie. Knoetze het 'n pomp beskikbaar gestel om die derduisende liter water uit die begraafplaas te pomp, terwyl AfriForum onderneem het om die koste daarvan te dra.**
- **In Paulpietersburg het taklede en 26 vrywilligers die plaaslike begraafplaas skoongemaak.**
- **Erfenisterreine soos die President Brand-begraafplaas en die Brits-monument in Bloemfontein word sedert Maart netjies gehou deur die AfriForum-takke in Bloemfontein.**
- **Die Ottosdal-tak het die Anglo-Boereoorlog-begraafplaas in die dorp skoongemaak en opgeknap aangesien die Tswaing Plaaslike Munisipaliteit versuim het om die begraafplaas te onderhou en vir 'n geruime tyd geen instandhoudingswerk by die begraafplaas gedoen het nie.**
- **Die tak in Standerton knap jaarliks die Voetsporemonument op en sny die gras rondom die monument.**

## Vullisverwydering bly 'n kopseer ...

- **By Furman-park in Centurion is meer as 77 sakke vullis reeds verwyder.**
- **In Bloemfontein verwyder AfriForum se kontrakteurs deurlopend woonbuurte se vullis.**
- **Jeuglede van AfriForum se Bothaville-tak het die dorp skoongemaak deur vullis op te tel. Hulle het 'n gebied met 'n omtrek van 2,5 km skoongemaak en altesaam 20 kunsmissakke vol vullis opgetel.**



# g(gat)gereed vir 2022

- Sowat 40 bakkievragte vullis is deur die tak in Rustenburg verwyder as deel van hul volhoubare skoonmaakprojek.
- Die Hertzogville-tak het die dreine van 47 wonings en sakeondernemings in die dorp, waarvan die septiese tenks oorgeloop het, laat leegpomp nadat die Tokologo Plaaslike Munisipaliteit wéér versuim het om dienste aan die inwoners te lewer. AfriForum het meer as R30 000 bestee om verligting te probeer bring waar die dreine oorloop.

## Parke en openbare ruimtes in puik toestand danksy plaaslike takke.

- Die Centurion-tak het deur die Adopt-a-Spot-inisiatief eienaarskap van drie parke geneem en onder meer Montaque Kneen-park, Furman-park en die tennisbaanpark in Valhalla skoongemaak. Verder het hulle ook die hoek van Koranna- en Zambesilaan in Doringkloof weer skoon en netjies gemaak.
- Die Benoni-tak het vyf projekte afgehandel en onder meer verskeie groenstroke se gras gesny en netjies gemaak, die Lanyon-brug skoongemaak en onwettige borde verwyder.
- Die Naboomspruit-tak het saam met die Ruk Naboom Reg-projekspan gewerk en tuine by die plaaslike polisiekantoor opgeknap.
- Bloemfontein-takke het gras in velde, by parke en op middelmanne gesny.
- In Nelspruit het die tak in samewerking met WeCare4Nelspruit die Village-park skoongemaak.
- Die Wolmaransstad-tak het met behulp van die Working on Fire-span ingespring om een van die laerskole te help om hul sportvelde skoon en netjies te kry.
- Die Keimoes-tak het sy volhoubare skoonmaakprojek voortgesit deur die dorp se hoofstraat en die Waterwiel skoon te maak en te beveilig.
- Die AfriForum-tak in Pretoria-Wes spog met nuwe toerusting waarmee taklede verskeie gebiede in Danville skoongemaak het.


## Takke staan gemeenskappe tydens brande en vloede by.

- Die Delareyville-tak moes inspring toe die Tswaing Plaaslike Munisipaliteit niks gedoen het om inwoners in Proteastraat van vloedwaters, wat vanuit landerye na huise oorgespoel het, te red nie. Die tak is genoop om 'n masjiengraaf te huur om slote te grawe ten einde die water uit die strate te herlei.
- Die Overstrand-tak het 240 botteltjies oogdruppels, 55 glukose-energiejelsakkies en talle bottels water aan die plaaslike brandweer geskenk tydens die Kleinmond-brande in Januarie.
- Bloemfontein-takke het stormwaterdreine skoongemaak, asook water aan inwoners verskaf wat onlangs min tot geen watertoevoer in die onderskeie woonbuurte gehad het nie.



Inwoners in Piet Retief vul slaggate op.

# Laaste boek uit die pen van legende binnekort beskikbaar


Prof. J.C. Steyn.

Deur Ilze Nieuwoudt

"Al wat myne is / is my sinne; /
in sinne is alle woorde / mýne"


Miskien verwoord dié vier eenvoudige reëls uit J.C. Steyn se gedig "Woord en sin" alles wat dié skrywer, digter en taalhistorikus was: 'n man van woorde en sinne. Of dalk is hy juis te vinde in die Romeinse spreekwoord wat hy in sy laaste boek *So is onse mense* (Kraal Uitgewers, 2022) aangehaal het toe hy oor 'n besoek aan sy grootwordwêreld in 2015 geskryf het: "Wanneer 'n held tot 'n val gekom het of 'n grote gesterf het, het die Romeine gesê: *'Sic transit gloria mundi'* – so gaan die glorie van hierdie wêreld verby. Veel glorie het ons nie hierlangs geken nie, maar wat hier ook al was, is nou verbyer as ooit."

Hoewel dié woorde verwys na Steyn se ervaring van die verval van sy geliefde Riemland, is dit ná dié grote se afsterwe in September 2021 ook waar van hom, "wat hier ook al was, is nou verbyer as ooit". Die bekroonde skrywer se pen is nou stil, maar sy woorde leef voort en die laaste boek waarmee hy tot sy dood besig was, verskyn binnekort by Kraal Uitgewers.

Kraal was ook die uitgewer van Steyn se monumentale werk *'Ons gaan 'n taal maak': Afrikaans sedert die Patriot-jare* (2014), asook *Verset & opbou: Skrywers en politici as aktiviste vir Afrikaans* (2019).

### *So is onse mense*

*So is onse mense* is 'n versameling artikels – histories, outobiografies, letterkundig of aktueel van aard – wat Steyn beskryf het as "herbesoeke". In dié herbesoeke word die leser herinner aan watter skerp navorser, fyn waarnemer en vurige kampvegter Steyn vir Afrikaans was. Hy stel weer ondersoek in na die "laaste dramatiese dae van Mei 1902" toe daar aan die bittere einde van die uitgerekte Anglo-Boereoorlog (1899–1902) uiteindelik vrede gesluit is. In die hoofstuk "Die skrywer wat sy drama begrawe het" herontdek die leser die lewe van die Bybelvertaler en vader van die Reddingsdaadbeweging, ds. J.D. Kestell, die man wat liefderik in die volksmond as Vader Kestell bekend gestaan het. Dan loop Steyn se skrywerspen die pad tot by die manne en vroue van die Vrouemonument, die Brandwaterkom, Afrikaans se bittere 90ste verjaarsdag en verskeie ander outobiografiese vertellings oor mense en dinge wat dié skrywer geboei het. Die laaste afdeling van die boek is 'n versameling korter artikels oor uiteenlopende onderwerpe wat op die kenmerkende Steyn-manier haarfyn én raak ontleed word.




Ter ere aan dié seder wat geval het, is 'n huldigingsbylaag ingesluit waarin meer as 60 familielede, noue vriende, kollegas, kennisse en organisasies wat op die een of ander manier paaie met Steyn gekruis het, dié woordmeester huldig. Sy suster Ria Müller skryf onder meer dié treffende woorde oor haar broer: "In jou boek *Sonkyker* skryf jy dat ek onthou hoe ons voetspore in die dou of ryp agter ons sigbaar was as ons terugkyk, toe ons kortpad deur die veld skool toe gestap het. Min het ons tóé geweet dat jy véél dieper, duideliker en onuitwisbare voetspore in jou lewe sou trap."

Diep spore ís waarlik getrap, en in *So is onse mense* sal lesers enkele van Steyn se laaste treë kan beleef.

**Besoek www.kraaluitgewers.co.za om 'n eksemplaar te koop.**

# *Skrywer se boekery op pad na Orania*

In sy dubbelmotorhuis by 'n aftreeoord in Bloemfontein was Jaap Steyn se skatkamer van boeke netjies volgens tema gepak. Al langs mure af en selfs in rakke op die motorhuisvloer. 'n Biblioteek in die kleine dalk in terme van staats- of universiteitsbiblioteke, maar as enkele versamelaar, was Steyn se boekeversameling iets merkwaardig. Op die boekrak by die voordeur het sy mees kosbare boeke staanplek gehad, het hy eens trots vertel. Elkeen wat dié skrywer geken het, het geweet dat dit juis tussen die bladsye van boeke en koerante was waar dié skrywer se hart gelê het.

Die proses om Steyn se boekery te liasseer, te verpak en volgens Steyn se wens na Orania te versend, het vroeg vanjaar begin en staan onder die bekwame leiding van dr. Burgert Senekal. Die proses sal na verwagting sowat twee tot ses maande neem om afgehandel te word.

# VERSEKER VOORSPOED

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND

DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

# SLUIT AAN

**deur www.sluitaan.co.za te besoek**

**of**

**SMS die woord "FAMILIE" na**

**45763** *(SMS kos R2).*



# Só lyk jou AfriForum-distrikskoördineerders!

## NOORDSTREEK




### Sampie Steinberg

**Distrikskoördineerder: Groter Pretoria-Noord**
**sampie.steinberg@afriforum.co.za**
"Pretoria gaan vanjaar 'n paar AfriForum-takke sterker word!"




### Dewet Ungerer

**Distrikskoördineerder: Groter Pretoria-Suid**
**dewet.ungerer@afriforum.co.za**
"Ons wil gemeenskapslede aanmoedig om self hul hande vuil te kry en 'n verskil in hul dorp te maak."




### Stephanus (Butch) Blignault

**Distrikskoördineerder: Wes-Rand**
**stephanus.blignault@afriforum.co.za**
"Ons takke gaan kragprobleme takel en opknappingswerk optimaliseer."




### Petrus Coetzee

**Distrikskoördineerder: Oos-Rand**
**petrus.coetzee@afriforum.co.za**
"Volhoubare projekte, veral wat toegang tot water betref, gaan in 2022 ons fokusarea wees."




### Arlo van Heerden

**Distrikskoördineerder: Laeveld (Mpumalanga-Oos)**
**arlo.vanheerden@afriforum.co.za**
"Ons takke wil vanjaar AfriForum se sigbaarheid verbeter."




### Hennie Bekker

**Distrikskoördineerder: Hoëveld (Mpumalanga-Wes)**
**hennie.bekker@afriforum.co.za**
"Ons takke soek strate sonder slaggate!"




### Magdel Jansen van Vuuren

**Distrikskoördineerder: Limpopo**
**magdel.jansenvanvuuren@afriforum.co.za**
"Ons gaan teen verskeie munisipaliteite in die howe te staan kom oor rioolprobleme en wil meer noodwaterpunte oprig."

## Baie geluk!

Sewentien personeellede van AfriForum se gemeenskapsake-afdeling het onlangs intensiewe protospanopleiding ondergaan en die kursus voltooi. Dié opleiding word deur AfriForum Gemeenskapsveiligheid vir buurtwaglede aangebied. Die kursus stel hoë eise op sowel akademiese as fisiese vlak aan studente. Die gedagte rondom protospanne het ontstaan met die aanvang van Projek Nehemia. 'n Noodsaaklikheid is geïdentifiseer dat daar in gemeenskappe, in die afwesigheid van statutêre vermoëns soos die SAPD, die vermoë ontwikkel moet word om na die unieke veiligheidsbedreigings van 'n bepaalde gemeenskap om te sien. 'n Protospan is 'n toegewyde groepering binne die buurtwag wat 'n bydrae tot gebiedsbeskerming lewer.

# SENTRAALSTREEK

Vrystaat



## Christo Groenewald

**Distrikskoördineerder: Rosestad**
**christo.groenewald@afriforum.co.za**
"Veiligheid en vullisverwydering is vanjaar heel boaan ons prioriteitslys."

Vrystaat



## Chris Morgan

**Distrikskoördineerder: Hoogland**
**chris.morgan@afriforum.co.za**
"Munisipale dienste en paaie is vanjaar ons prioriteite."

Noordwes/ Vrystaat



## Alta Pretorius

**Distrikskoördineerder: Mooirivier**
**alta.pretorius@afriforum.co.za**
"Ons takke wil vanjaar meer gemeenskapsbetrokkenheid bevorder."

Noordwes



## Jp Nel

**Distrikskoördineerder: Stellaland**
**jp.nel@afriforum.co.za**
"Ons wil vanjaar goeie samewerking tussen AfriForum en ander belangrike rolspelers in ons gemeenskappe bevorder. Saam is ons sterker!"

KwaZulu-Natal



## Eugene van Aswegen

**Distrikskoördineerder: KwaZulu-Natal**
**eugene.vanaswegen@afriforum.co.za**
"KZN se takke gaan aanhou om hul erfenisterreine te beskerm."

* Die distrikskoördineerderspos vir Marico (Noordwes) is tans vakant.

# SUIDSTREEK

Noord-Kaap



## Werner Strauss

**Distrikskoördineerder: Kalahari**
**werner.strauss@afriforum.co.za**
"Selfdoenaksies gaan vanjaar 'n kernpunt van ons takke wees."

Noord-Kaap



## Lize-Marie van der Linden

**Distrikskoördineerder: Karoo**
**lize-marie.smit@afriforum.co.za**
"Ons takke gaan ingryp waar munisipaliteite versuim om hul pligte na te kom."

Noord-Kaap



## Marike Labuschagne

**Distrikskoördineerder: Bo-Karoo**
**marike.labuschagne@afriforum.co.za**
"Jeugbetrokkenheid is van kernbelang in 2022. Die toekoms is in jongmense se hande!"

Oos-Kaap



## David Olivier

**Distrikskoördineerder: Oos-Kaap**
**david.olivier@afriforum.co.za**
"Veiligheid is ons prioriteit."

Wes-Kaap



## Johardt van Heerden

**Distrikskoördineerder: Boland**
**johardt.vanheerden@afriforum.co.za**
"Ons takke gaan hul gemeenskappe deur goedvoelprojekte opbeur."

Wes-Kaap



## Arno Greyling

**Distrikskoördineerder: Suid-Kaap**
**arno.greyling@afriforum.co.za**
"Jeugbetrokkenheid en goeie samewerking met munisipaliteite is 'n belangrike fokus in 2022."

### *FORUM TYDSKRIF* WOORDBLOK NO. 1 VAN 2022
**Saamgestel deur Louis Krouwkamp.**

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| R | E | M | M | E | G | R | E | B | L | E | F | A | T | I | U | K | S | E | B | R | E | O | B |
| E | S | K | O | F | F | I | E | I | K | K | O | S | E | D | N | A | R | T | S | E | U | O | G |
| I | B | R | A | A | I | V | L | E | I | S | V | U | R | E | G | G | A | D | I | A | A | R | B |
| E | O | O | E | M | G | N | A | J | T | A | L | B | O | O | N | T | J | I | E | S | O | P | E |
| I | E | O | S | I | O | K | E | I | N | K | E | I | P | S | W | I | N | D | P | O | M | P | I |
| J | R | I | I | L | U | I | T | S | P | A | N | O | A | S | N | E | E | T | S | N | U | K | D |
| T | E | W | E | I | D | K | D | Y | T | S | E | O | N | C | T | O | R | T | O | N | G | L | E |
| E | M | Y | L | E | E | F | L | E | E | D | O | E | N | T | U | I | E | E | H | N | K | O | R |
| B | U | N | V | E | L | L | I | E | I | L | E | R | E | K | N | R | L | K | O | K | E | O | B |
| B | S | K | O | N | F | Y | T | N | G | E | L | U | K | O | K | E | R | T | A | B | A | K | E |
| I | I | R | N | D | E | E | G | O | G | G | A | I | O | O | N | Y | L | Y | E | S | T | E | I |
| R | E | E | Y | E | E | I | S | N | A | K | A | V | E | E | S | I | S | A | L | U | I | D | J |
| K | K | T | K | W | E | T | F | O | L | E | G | K | K | S | B | O | B | O | T | I | E | R | T |
| R | E | G | S | E | P | A | K | S | L | E | S | E | G | E | I | E | O | G | K | E | T | A | E |
| A | G | A | N | E | S | A | K | O | O | R | R | T | B | A | S | A | A | R | P | D | S | H | M |
| V | A | J | O | R | S | A | A | L | P | U | E | T | U | I | N | I | E | R | A | A | A | S | M |
| E | V | I | S | V | A | N | G | E | O | U | T | I | B | O | E | R | E | G | K | R | P | P | O |
| T | S | L | A | P | I | E | K | E | O | K | S | E | E | F | S | R | E | K | S | M | S | R | L |
| K | S | U | K | S | E | W | E | E | R | S | I | S | O | G | N | A | K | T | D | O | D | I | B |
| O | L | O | A | L | A | A | M | G | A | N | S | K | A | A | P | L | A | M | N | C | L | N | R |
| O | P | L | A | A | S | D | A | M | K | U | K | I | E | K | L | O | P | S | E | I | I | G | E |
| R | R | E | I | V | Y | B | R | E | I | V | E | E | K | R | A | A | L | D | I | D | W | B | T |
| E | O | W | Y | B | G | U | R | S | T | E | O | T | M | E | L | K | T | E | R | T | E | O | A |
| G | E | E | W | I | L | D | T | U | I | N | K | U | I | E | R | S | R | E | V | I | N | K | W |
| G | E | K | O | O | K | T | E | K | O | S | E | E | F | N | E | O | M | E | L | T | A | A | W |
| U | I | L | A | A | T | N | E | M | U | N | O | M | R | E | K | K | E | R | T | R | O | O | V |

Soek die volgende woorde in die woordblok. Woorde kan horisontaal, vertikaal of diagonaal wees, asook in enige rigting. Leestekens word nie gebruik nie.

**BILTONG BLATJANG BOBOTIE BOEK BOERBESKUIT BOERE BOEREMUSIEK BOEREWORS BOONTJIESOP BRAAIDAG BRAAIVLEISVURE COMRADE DEEG DEEL DOEN EENDEWEER EIER FAMILIE GANS GEKOOKTE KOS GELOFTE GELUK GEMMER VARKRIBBETJIE GOEIE GESELSKAP GOUD GOUE STRANDE HARDEKOOL IETS JAGTER KAAI KLOPSE KANGO KAROO KAS KEREL BASAAR KERSFEESKOEK KETTIESKIET KIEK KOEKSISTERS KOFFIE KOK KONFYT KOOR KUNSTE LEEF LEWE LUID LYN MELKTERTE SLAPIE NAGMAAL NOOI OESTYD PADKOS PANNEKOEK PAP PIEKNIEK PLAAS PLAASDAM PROE REGS ROOIWYN ROOSTERKOEK RSG SAGOPOEDING SAK SEEVAKANSIE SISAL SKAAPKOP SKAAPLAM SKUUR SNOEK SOKKIE SONSKYN SPRINGBOK STILTE SUIS TAAL TABAK TAFELBERG TALENT TEE TOETSRUGBY TONG TOUE TUINIER UIL UITSPAN VAG VEEKRAAL VELLIE VERS VINK VISVANG VLEIS VOORTREKKERMONUMENT VRIENDSKAP WAATLEMOENFEES WATERBLOMMETJIEBREDIE WEER WESKUS WILDSPASTEI WILDTUINKUIERS WINDPOMP WINTERNAGKAGGELKUIERS**




# AFTREE IN STYL

## EKSKLUSIEWE EENHEDE



Ons bied nuut geboude eenhede waar ons **sonpaneel geysers**, **bystand battery sisteem** en 'n **basiese alarmstelsel** vir jou gerief insluit by die prys.



Kom besoek ons vandag en maak seker jy tree af in styl by Bateleur!

## KONTAK ONS

**079-155-1600**
**sales@bateleurestate.co.za**
**www.bateleurestate.co.za**



Solidariteit Finansiële Dienste (SFD) is 'n gemagtigde finansiëledienstemaatskappy en deel van die Solidariteit Beweging.

Finansiële beplanning is nie net vir die toekoms nie, daarom wil SDF jou finansiële pad saam met jou stap,
Kry uitnemende diens in Afrikaans – **jou finansies in jou taal!**




Kontak ons gerus vir meer inligting:
0861 101 005
www.sfdienste.co.za
admin@sfdienste.co.za

SFD
Solidariteit Finansiële Dienste